

PRAKTIESE FONETIEK VIR TAALSTUDENTE ... :
'n EVALUERING

J. Roux

1. Inleiding

Alhoewel E.B. van Wyk se Praktiese Fonetiek vir Taalstudente : 'n Inleiding (voortaan PF) reeds in 1977 verskyn het, het daar na my wete nog geen indringende bespreking van dié boek verskyn nie. Aangesien PF beskou kan word as die eerste van sy soort in Afrikaans en aangesien dit voorgeskryf word aan studente in onder meer die Algemene Taalwetenskap en die Bantoetale, is dit wenslik dat 'n poging aangewend word om die meriete van hierdie werk te bepaal.

Om 'n evaluering van PF te kan gee, is dit nodig om ten aanvang vas te stel wat die basiese uitgangspunte onderliggend aan die werk is. In hierdie verband word daar dan hieronder eers ingegaan op:

- (i) die doelstellings van PF, en
- (ii) die skrywer se siening van die vakterrein waarbinne PF val.

Ek bespreek hierdie twee punte met verwysing na veral die Voorwoord en Hoofstuk 1 (pp. 1-3) van PF. Na hierdie bespreking beskou ek elke verdere hoofstuk of groep hoofstukke afsonderlik. Ten slotte gee ek 'n samevatting waarin my geheeloordeel van PF geformuleer word.

1.1 Die doelstellings van PF

PF word aangebied as 'n algemene inleiding tot die praktiese fonetiek. Die werk gee nie 'n beskrywing van 'n spesifieke taal nie, maar maak "... vryelik gebruik ... van voorbeelde uit Afrikaans ..." (Voorwoord). PF het verskeie doelstellings waarvan (i) en (ii) sekondêr en (iii) primêr is:

- (i) die daarstel van " ... 'n omvattende raamwerk vir fonetiese ontleding en beskrywing (...) wat toegepas kan word op die volle verskeidenheid klanke wat in menslike spraak voorkom ..." (Voorwoord);
- (ii) die byeenbring van soveel stof "... dat die boek deur selektiewe gebruik by verskillende kursusse met verskillende oogmerke aangepas kan word" (Voorwoord);
- (iii) die voorsien in "... die behoeftes van die student wat die klanke van vreemde tale of subtiele klanknuanses in die tale wat aan hom bekend is, moet leer identifiseer, uitspreek en beskrywe" (Voorwoord).

Die hoofdoelstelling (iii) vloei voort uit die aard van die praktiese fonetiek. In die praktiese fonetiek gaan dit nl. om

"... die bemeestering van praktiese vaardighede, t.w. die vermoë om 'n groot verskeidenheid klanke en klanknuanses te kan identifiseer, produseer en beskrywe" (p.8).

Die bespreking van PF wat hieronder volg, geskied teen die agtergrond van hierdie oogmerk van die praktiese fonetiek.

1.2 Die terrein en aard van die praktiese fonetiek

Aangesien PF beskou word as 'n "... inleiding in die algemene praktiese fonetiek ..." (Voorwoord), moet ingegaan word op die skrywer se siening van

- (i) die aard en funksies van die verskillende vorme van fonetiek-beoefening, en
- (ii) die aard en omvang van die beoefening van die praktiese fonetiek.

1.2.1 Benaderings tot die fonetiek

In afdeling 1.3 van die eerste hoofstuk (pp. 7-9) gee die skrywer 'n uitvoerige uiteensetting van drie verskillende benaderings tot die fonetiek as wetenskap. Die onderlinge samehang van die verskillende benaderings word geëksplisiteer en dit word aangetoon dat daar 'n duidelike onderskeid getref kan word - m.b.t. aard, omvang en doelstellings - tussen

- (i) die outonome fonetiek,
- (ii) die linguistiese fonetiek, en
- (iii) die praktiese fonetiek.

Die outonome fonetiek bestudeer spraakklank as sodanig, sonder om oorweging te skenk aan die funksies en/of toepassingsmoontlikhede daarvan. Dit word gestel dat die outonome fonetiek se metodes eksperimenteel en statisties van aard is, maar dat dit "... nie sonder 'n sekere *praktiese vaardigheid* in die *produksie* en *identifikasie* van 'n verskeidenheid klanke kan klaarkom nie" (p.7; my kursivering - J.C.R.). 'n Uitsers belangrike punt word dan aangesny: "Outonome fonetiek is m.a.w. die inligtingsbron, die verwysingspunt, die vertrekpunt van alle vorme van die fonetiek" (p.7). In die verdere bespreking hieronder sal telkens na dié punt terugverwys word.


Die linguistiese fonetiek word gesien as "... die studie van dié klankverskynsels wat ter sake is in grammatikas van natuurlike tale". (p.7). Die verbintenis wat linguistiese fonetiek met outonome fonetiek het, is heel direk: "Linguistiese fonetiek kan nie onafhanklik van outonome fonetiek beoefen word nie, maar dit is 'n veel meer selektiewe benadering tot klank, omdat dit by sowel 'n linguistiese as 'n fonetiese teorie inskakel. Fonetiese verskynsels wat nie ter sake is vir die funksionering van taal nie, word ter syde gestel en nie verder ondersoek nie" (ibid.). Die distinktiwe kenmerkteorieë van Jakobson en van Chomsky en Halle word deur die skrywer as voorbeelde van die linguistiese benadering van die fonetiek genoem.

Die praktiese fonetiek, as 'n derde benaderingswyse, het "... uitgesproke praktiese, toegepaste oogmerke en die aksente daarvan kan verskil al na gelang verskillende doelstellings vooropgestel word. Dit kan bv. gerig

wees op die voordragkuns, op die sangkuns, op die remediëring van spraakafwykings, op die aanleer van vreemde tale, ens." (ibid.). Die doel met 'n "praktiese" benadering word verder geëksplisiteer met die stelling: "Dit gaan nl. in 'n hoë mate om die *bemeestering van praktiese vaardighede*, t.w. die vermoë om 'n groot verskeidenheid klanke en klanknuanses te kan *identifiseer, produseer en beskryf*". (p.8; my kursivering - J.C.R.). Die skrywer gaan dan voort met die beskrywing van 'n metode, die impressionistiese "oormetode", wat deur die praktiese fonetiek gebruik word: "Dié metode hou in dat die navorser na klanke luister en hulle naboots [m.a.w. "identifiseer" en "produseer" - J.C.R.] totdat sy uitspraak volgens sy eie oordeel korrek is. Daarna *beskryf* hy die klanke dan na aanleiding van hoe hy dit self uitspreek" (p.8; my kursivering - J.C.R.). In die praktiese fonetiek gaan dit dus om die identifikasie, produksie en beskripsie van spraakklanke insoverre dit die ontwikkeling van praktiese vaardighede tot gevolg kan hê.

Die skrywer sien die onderlinge samehang van die verskillende benaderingswyses as volg: "Soos die linguistiese fonetiek steun die praktiese fonetiek op die resultate en insigte van die outonome fonetiek, maar gee 'n selektief vereenvoudigde beeld van lg. dissipline" (p.8).

Die samehang tussen die outonome, linguistiese en praktiese fonetiek - soos Van Wyk dit sien - kan as volg skematies voorgestel word:



In (1) word kennelik 'n belangrike status toegeken aan die outonome fonetiek as rigtinggewende faktor in die beoefening van sowel die linguistiese as die praktiese fonetiek.

1.2.2 "Beskrywing" as 'n funksie van fonetiekbeoefening

Uit die diagram (1) blyk dit duidelik dat al drie benaderingswyses onder meer 'n "beskrywende" funksie het. Die skrywer sê hieroor die volgende: "Omdat dit eie oogmerke met die studie van klank het, word die klassifikasie en *beskrywing* van klanke anders gehanteer in die linguistiese fonetiek as in die outonome en die praktiese fonetiek" (p.7; my kursivering - J.C.R.).

Die begrip "beskrywing" word egter deur die skrywer op 'n ambivalente wyse gebruik wanneer hy die volgende beweer: "Al drie benaderings tot die fonetiek het 'n algemene en 'n beskrywende aspek. Algemene fonetiek het te doen met algemene beginsels wat onafhanklik van enige besondere taal geld; *beskrywende fonetiek* is die toepassing van dié beginsels in die beskrywing van die klanke van 'n besondere taal of groep tale" (p.9; kursivering E.B.v.W.; onderstreping J.C.R.). Wanneer die skrywer hierdie bewering verder toelig, is die formulering telkens as volg:

- (i) "Algemene outonome fonetiek *is dus die studie* van die artikulatoriese moontlikhede ..." (p.9);
- (ii) "Die algemene linguistiese fonetiek *het te doen met* die vasstelling en *beskrywing* van dié fonetiese kenmerke ..." (ibid.);
- (iii) "Die algemene praktiese fonetiek *is 'n uiteensetting* van die artikulatoriese beginsels waarvolgens ..." (ibid.; my kursivering - J.C.R.).

Dit is duidelik dat daar met die gebruik van sinsnedes soos "... is dus die studie ...", "... het te doen met ...", "... is 'n uiteensetting van ...", weinig anders bedoel word as "... is 'n *beskrywing* van ...". Hierdie afleiding word trouens ondersteun deur Van Wyk se eie gebruik van "beskrywing" in (ii) hierbo. M.a.w.

- (i) algemene outonome fonetiek kan gesien word as 'n "beskrywing van die artikulatoriese moontlikhede ...";
- (ii) die algemene linguistiese fonetiek kan gesien word as 'n "beskrywing van die metodes van vasstelling van fonetiese kenmerke en as 'n beskrywing van die fonetiese kenmerke op sigself";
- (iii) die algemene praktiese fonetiek op sy beurt weer, kan gesien word as 'n "beskrywing van die artikulatoriese beginsels waarvolgens".

Die punt wat hier gemaak wil word is nl. dat die "algemene fonetiek" ook 'n "beskrywende" aspek het. Dit sou meer sinvol en minder verwarrend gewees het as daar bv. gepraat was van "algemene (beskrywende) fonetiek" en "toegepaste (beskrywende) fonetiek" op die verskillende onderskeibare vlakke.

Hierdie punt mag, met die eerste oogopslag triviaal lyk. Tog het dit, soos dit later aangetoon sal word (vgl. 7.2), belangrike implikasies vir die terreinafbakening en doelformulering van die verskillende benaderingswyses

tot die fonetiek. Uiteraard sou die doelformulering van die verskillende benaderingswyses, en meer spesifiek dié van die "praktiese fonetiek", direk in verband gebring kan word met die doelformulering, die formele uiteensetting en die uiteindelijke geslaagdheid van PF.

Indien dit nou aanvaar sou word - en daar is geen goeie rede waarom dit nie gedoen sou kon word nie - dat die "algemene fonetiek" en die "beskrywende/toegepaste fonetiek" beide 'n deskriptiewe kant het, dan sou die volgende tipes fonetiese beskrywings onderskei moes word:

(2) (i) Algemene outonoom-fonetiese beskrywing

'n Beskrywing van "... die artikulatoriese moontlikhede van die spraakapparaat, die akoestiese kenmerke van verskillende klanktipes, die ouditoriese registrasie van verskillende klankkenmerke en die perseptiewe verwerking van ouditoriese prikkels" (p.9).

(ii) Toegepaste outonoom-fonetiese beskrywing

'n Beskrywing van "... die besondere artikulatoriese en/of akoestiese en/of ouditoriese en/of perseptiewe kenmerke van die klanke van 'n gegewe taal of groep tale" (ibid.).

(iii) Algemene linguisties-fonetiese beskrywing

'n Beskrywing van "... dié fonetiese kenmerke, verskynsels en beginsels waarop die sisteme van menslike tale gebaseer kan wees" (ibid.).

(iv) Toegepaste linguisties-fonetiese beskrywing

'n Beskrywing van "... die klanke van 'n gegewe taal in terme van dié kenmerke en beginsels" (ibid.).

(v) Algemene prakties-fonetiese beskrywing

'n Beskrywing van "... die artikulatoriese beginsels waarvolgens enige klank ongeag die taal waarin dit voorkom, uitgespreek en beskrywe kan word, en ook, waar moontlik, van die perseptiewe eienskappe waarvan verskillende klanktipes herken kan word" (ibid.).

(vi) Toegepaste prakties-fonetiese beskrywing

'n Beskrywing van "... die klanke van 'n gegewe taal of groep tale volgens so 'n raamwerk" (ibid.).

Beskou nou - teen die agtergrond van verskillende tipes beskrywings en van die siening dat "... die klassifikasie en beskrywing van klanke anders gehanteer (word) in die linguistiese fonetiek as in die outonome en die praktiese fonetiek" (p.7) - as voorbeeld, die volgende moontlike beskrywing van 'n klankverskynsel X wat in taal Y voorkom:

(3) Gegewe: 'n Klankverskynsel X in 'n taal Y

Beskrywingsmoontlikede

(3.1) Outonoom-foneties

(i) Algemeen

Artikulatories: Die hoof lipspier, die orbicularis oris, omring die mondopening. Dit het eienskappe E_1 ---n. Dit het funksies F_1 ---n in die produksie van spraakklanke.

Akoesties: Resonansfrekwensies in die akoestiese spektrum is omgekeerd eweredig aan orbicularis oris-aktiwiteit.

(ii) Toegepas

Artikulatories: Die orbicularis oris vertoon aktiwiteit van die graad G_1 gedurende die voorkoms van die klankverskynsel X in taal Y.

Akoesties: 'n Verlagings van eerste en tweede formantfrekwensies (d.i. van F_1 en F_2) vind plaas gedurende die voorkoms van klankverskynsel X in taal Y.

(3.2) Linguisties-foneties

(i) Algemeen

In natuurlike menslike tale kom fonetiese en fonologiese opposisies o.a. tot stand deur die doelbewuste ronding van die lippe tydens die artikulasie van sekere klanke. Hierdie opposisies word binne 'n generatiewe fonologiese teorie verantwoord deur respektiewelik 'n plus (+) of minus (-) spesifikasie aan 'n distinktiwe kenmerk 'rond' toe te ken. Die kenmerk 'rond' verteenwoordig die volgende artikulatoriese en/of akoestiese en/of perseptiewe eienskappe: ...

(ii) Toegepas

In taal Y word die volgende klanke positief gespesifiseer m.b.t. die kenmerk 'rond':

t^w , k^w , l^w ,

Alle ander klanke wat nie hierbo genoem word nie, word negatief gespesifiseer m.b.t. die kenmerk 'rond'.

(3.3) Prakties-foneties:

(i) Algemeen

- t.o.v. die verskynsel:

Gelabialiseerde of geronde klanke

word gevorm deur die mondhoeke na mekaar te trek en die lippe waarneembaar te rond en effens na vore te stoot sodat die klanke 'n "donker" kwaliteit kry;

- t.o.v. die raamwerk:

'n Klank kan op twee punte gelyktydig geartikuleer word, of dit kan addisionele eienskappe verkry, in welke geval 'n "sekondêre artikulasie" ontstaan.

(ii) Toegepas

- t.o.v. die verskynsel:

In taal Y word die klanke t^w , k^w , l^w , ... o.a. gevorm deur die mondhoeke na mekaar te trek, die lippe waarneembaar te rond en effens na vore te stoot sodat 'n "donker" kwaliteit waargeneem kan word;

- t.o.v. die raamwerk:

Die verskynsel X, in taal Y, waardeur 'n bepaalde klank (addisionele) liprondings-eienskappe verkry, staan bekend as "Labialisering".

1.2.2.1 Die nie-korrelasie van verskillende tipes fonetiese beskrywings

Alhoewel 'n klankverskynsel, soos X hierbo, op verskillende maniere benader en beskryf kan word en alhoewel die graad van gesofistikeerdheid/komplexiteit van elke beskrywing mag verskil, is dit vanuit 'n wetenskaplike oogpunt redelik om te verwag dat dié beskrywings sistematiese raakpunte sal vertoon. M.a.w. daar kan van dié beskrywings verwag word dat hulle konsekwent onderling sal korreleer. Indien dit nie die geval is nie, dan is òf een of meer van die beskrywings(metodes) foutief òf die verskillende beskrywings beskryf verskillende verskynsels.

In die praktyk kom egter dikwels diskrepansies voor tussen outonoom-fonetiese en prakties-fonetiese beskrywings (vgl. Russel 1928; Anderson 1976 : 18). Hierdie feit neem tans 'n prominente plek in binne die werk van fonoloë/fonetici wat o.a. poog om

- (i) fonologiese beskrywings van tale, of aspekte daarvan, te maak binne 'n bepaalde teoretiese raamwerk van distinktiwe kenmerke (vgl. o.a. Garnes 1973; 1974; Roux 1979a);
- (ii) fisiologiese en akoestiese verklarings, buite 'n bepaalde vooropgestelde fonologiese model, vir verskillende klankverskynsels aan te bied (vgl. o.a. Ohala 1972; 1974; Lindblom 1972).

'n Klassieke voorbeeld van 'n nie-korrelasie tussen prakties-fonetiese en outonoom-fonetiese beskrywings word gevind in die beskrywings van vokaalharmonie in Akan (vgl. Lindau 1978 : 550 e.v.). Die vokale van dié taal word in twee klasse verdeel wat foneties onderling van mekaar verskil. Prakties-fonetiese beskrywings voer hierdie fonetiese verskille terug na o.a. gespannenheid/ongespannenheid van spraakorgane, tonghoogteverskille,

geasemde artikulasies, ens. Toegepaste outonoom-fonetiese beskrywings (o.a. Ladefoged 1968; Painter 1973; Lindau 1974) toon aan dat die fonetiese verskille tussen die twee klasse vokale geleë is in die onderskeie posisies van die tongwortel en dus ook in verskillende farinksgroottes. Akoestiese analyses (vgl. Lindau 1978 : 552) toon ook aan dat variasies in farinksgroottes en tonghoogtevariasies dieselfde akoestiese effek het. Aangesien klanke met bepaalde farinksgroottes waarskynlik dieselfde klink as klanke met bepaalde tonghoogtes, is die aanname in prakties-fonetiese beskrywings gemaak dat verskille in tonghoogtes die opposisies in Akan moontlik maak. Radiologiese gegewens toon egter dat die tongwortel onafhanklik figureer m.b.t. tonghoogteposisies en dat dit in Akan juis gaan om farinkswydtes en nie om tonghoogtes nie. Prakties-fonetiese beskrywings korreleer dus hier nie met outonoom-fonetiese beskrywings nie.

Die belangrikste enkele faktor wat waarskynlik verantwoordelik is vir die nie-korrelasie van verskillende beskrywings is waarskynlik geleë in die verskillende metodes van beskrywing. Dit is duidelik dat die impressionistiese "oormetode" waarmee die praktiese fonetiek homself bedien, ontoereikend is vir die gee van korrekte beskrywings van bv. ingewikkelde artikulatoriese bewegings. Die vermoë van die praktiese fonetikus om geloofwaardige en "volledige" beskrywings van artikulatoriese konfigurasies te maak, word ernstig betwyfel. Lieberman (1976 : 93-6) spreek hom baie sterk hieroor uit: "It's important to note that a human listener cannot tell whether a speaker produced a vowel like [e] by maneuvering his lips and larynx (...) unless the 'listener' was equipped with X-ray vision or insisted on holding conversations in front of X-ray machines. *Inferences that follow from a 'trained phonetician's auditory impression must be regarded as unsupported speculations Statements concerning tongue movements that are common in the literature must be ignored unless they are supported by objective data'*" (my kursivering - J.C.R.). Ladefoged (1975 : 66) stel dit weer as volg: "It is difficult to give a meaningful answer to requests to describe the tongue position of a vowel in one's own speech. Very often people can only repeat what books have told them, because they cannot find out for themselves where their tongue is. *It is quite easy for a book to build up a set of terms that are not really descriptive but are in fact only labels'*" (my kursivering - J.C.R.). In die lig van hierdie sterk standpunte - en teen die agtergrond van die siening dat die outonome fonetiek as "... die inligtingsbron, die verwysingspunt, die vertrekpunt van alle vorme van die fonetiek ..." (PF : 7) beskou word - sou daar vir elke impressionistiese-fonetiese beskrywing 'n objektiewe verifikasie aangebied moes kon word.

Daar moet op gelet word dat hier nie beweer word dat die impressionistiese "oormetode" as beskrywingsmetode volledig ontoereikend is nie; per slot van rekening bly dit die menslike gehoor as sodanig wat verantwoordelik is vir die finale oordeel. Die punt wat gemaak word is dat *in sigself* dié metode nie geskik is om akkurate beskrywings van komplekse artikulatoriese bewegings moontlik te maak nie, en dat dit aangevul en/of ondersteun behoort te word met eksperimentele metodes van die outonome fonetiek (vgl. o.a. Roux 1976b; Hardcastle 1974; Borden & Harris 1980 : 214-243).

Sekere prakties-fonetiese beskrywings kan waarskynlik gesien word as beskrywings van hoe ons "dink" klanke gevorm word sonder dat dit noodwendig beskrywings is van wat werklik (artikulatories) plaasvind. Die vraag wat sekerlik gestel sou kon word, is: Hoeveel kontemporêre prakties-fonetiese beskrywings, PF ingesluit, word inderdaad gesteun deur outonoom-fonetiese beskrywings? Op hierdie vraag word daar in die volgende afdeling van hierdie bespreking ingegaan.

1.2.2.2 Die verhouding prakties-fonetiese/otonoom-fonetiese beskrywings

In die vorige afdeling is die vraag gestel of prakties-fonetiese beskrywings vandag wêl op die insigte en bevindings van die outonome fonetiek steun, soos wat dikwels beweer word. Anders gestel: Vind die bevindings van die outonome fonetiek werklik neerslag in kontemporêre prakties-fonetiese beskrywings? Om by 'n antwoord op hierdie vraag uit te kom, word daar vervolgens gekyk na

- (i) die dokumentering van ondersteunende materiaal,
- (ii) die oënskynlike gebrek aan outonoom-fonetiese beskrywings.

In baie min prakties-fonetiese handboeke word daar eksplisiet by wyse van bronverwysings ondersteuning gegee aan bepaalde artikulatoriese beskrywings. Die meeste van dié werke (vgl. o.a. Westermann & Ward 1933; Pike 1967) bevat egter minstens 'n bibliografie met onder meer werke van 'n outonoom-fonetiese inslag. Hieruit sou daar dan indirek afgelei kon word dat die betrokke prakties-fonetiese bewegings wel in beginsel ondersteunbaar is. Fonetiese "feite" word dikwels deur veral "praktiese fonetici" as "gemeenskapsbesit" aanvaar, sonder dat daar enige poging aangewend word om dié "feite" te toets en/of te verifieer. Een van die konsekwensies van hierdie toestand is dat prakties-fonetiese beskrywings floreer - byna elke grammatikahandboek in bv. die Bantoetale bevat 'n kort "prakties-fonetiese" beskrywing vooraf - sonder dat dit in vele gevalle die outentiekheid van die beskrywing bo redelike twyfel is (vgl. Roux 1979b : 5-6 in hierdie verband).

Wat PF betref: die standpunt dat prakties-fonetiese beskrywings op die insigte en bevindings van outonoom-fonetiese beskrywings steun, word deur Van Wyk self bevraagteken wanneer hy die volgende beweer: "Tot dusver was fonetiese beskrywings meesal nog van die praktiese tipe. Beskrywings volgens 'n linguistiese benadering is betreklik seldsaam omdat die linguistiese fonetiek 'n taamlik resente ontwikkeling is en daar nog heelwat probleme in verband daarmee is wat uitgestryk moet word. Outonome beskrywings is nog meer seldsaam" (p.9). In die lig van die bewering dat outonoom-fonetiese beskrywings so "seldsaam" sou wees, kan die vraag dan seker tereg gevra word waarop prakties-fonetiese beskrywings dan nou werklik "steun". Beteken dié bewering dan dat daar in effek geen outonoom-fonetiese verifikasie vir sekere prakties-fonetiese beskrywings bestaan nie? 'n Verdere vraag is: Hoe word 'n "nuwe interpretasie" van 'n bepaalde verskynsel - vgl. "substituutronding", PF : 77 - geregverdig sonder dat daar enige poging aangewend word om die "interpretasie" van die verskynsel ook op outonoom-fonetiese vlak te verifieer?

Die bewering dat outonoom-fonetiese beskrywings "seldsaam" is, kan verder nie ongekwalifiseerd gelaat word nie. Indien met hierdie bewering bedoel word dat "toegepaste" outonoom-fonetiese beskrywings van, byvoorbeeld, Afrikaans of die Bantoetale seldsaam is, en dat dít die rede is waarom die meeste beskrywings van dié tale van 'n praktiese aard is, dan sou die bewering waarskynlik nie kontroversieel wees nie. In die konteks waarin die bewering gemaak word, kom dit egter voor asof dit 'n weerspieëling van 'n algemene situasie moet wees. In hierdie interpretasie is die bewering natuurlik foutief. Outonoom-fonetiese beskrywings - algemeen en toegepas - word dekades lank reeds gegee in onafhanklike publikasies, in vakkundige tydskrifte en in kongresreferate. Die geskiedenis van die outonome fonetiek strek inderdaad oor

'n tydperk van meer as 'n honderd jaar. Hierdie vorm van fonetiek het veral in die afgelope twee dekades fenomenale vooruitgang gemaak (vgl. o.a. Catford 1977 : 230-246; Borden & Harris 1980 : 17-25; Hardcastle 1974). Die vrae wat hier gestel moet word, is eerder: In welke mate neem praktiese fonetici kennis van ontwikkelinge in die outonome fonetiek en in welke mate word die bevindings van die outonome fonetiek geïnterpreteer in praktiese-fonetiese beskrywings?

As reaksie op die pasgestelde vrae sou daarop gewys kon word dat daar wêl kontemporêre werke bestaan wat op die "... resultate en insigte van die outonome fonetiek ..." (PF : 8) gebaseer is. 'n Besonder goeie voorbeeld is die werk van Ladefoged (1975). In die voorwoord stel Ladefoged (1975 : viii) dit dat, alhoewel 'n sekere onderdeel van die fonetiese data wat in die werk aangebied word, "bekend" is, daar tog ook minder bekende data in voorkom wat versamel is deur verskillende outeurs aan wie daar dan ook later afsonderlik erkenning verleen word (vgl. Ladefoged 1975 : 283-4). Met verwysing na die status van die aangebode data stel Ladefoged dit baie pertinent dat "Wherever possible I have checked the facts with my own observations. *The majority of the illustrations are based on my own X-ray tracings or acoustic analyses*" (1975 : ix; my kursivering - J.C.R.).

Dit kom dus voor asof dit wel in beginsel moontlik is om 'n handboek oor die praktiese fonetiek te skryf wat in 'n mindere of meerdere mate direk op die bevindings van die outonome-fonetiek kan steun. Die vraag is nou: In welke mate steun PF op sulke bevindings? As gevolg van die feit dat die skrywer die werk nie as 'n "monografie" beskou nie - en gevolglik dit ook nie nodig ag om 'n enkele bibliografiese verwysing te verstrek nie - is dit uiters moeilik om 'n antwoord op hierdie vraag te bied. Dit lyk of die meeste data wat in PF aangebied word, geneem is uit die voorraad van "fonetiese gemeenskapsbesit" en/of bekom is uit die "praktiese ervaring" (Voorwoord) en "eerstehandse waarneming" (Voorwoord) van die skrywer self.

Baie van die beskrywings wat in PF aangebied word, is besonder volledig gedetailleerd en dikwels van hoë gehalte. Met verwysing na spesifieke praktiese-fonetiese beskrywings in PF sal egter hieronder aangetoon word

- (i) dat sekere data wat gebruik word nie korreleer met die inhoud van verdienstelike outonoom-fonetiese beskrywings nie; en
- (ii) dat dit dikwels te betwyfel is of outonoom-fonetiese bevindings in aanmerking geneem is in die maak van spesifieke beskrywings.

2. Teoretiese onderbou

In hierdie afdeling word die aandag spesifiek gevestig op hoofstukke 2 ("Die spraakapparaat"), 3 ("Die interpretasie van die spraakklank in die fonetiek") en 4 ("Die voorstelling, ontleding en beskrywing van spraakklank"), wat gesamentlik beskou kan word as 'n uiteensetting van die teoretiese onderbou van praktiese fonetiekbeoefening.

2.1 Die spraakapparaat

Die skrywer beskryf die spraakapparaat in terme van drie afsonderlike sisteme, nl. die infraglottale sisteem, die fonasiesisteem en die artikulasiesisteem. Hy stel dit dan dat "Gesamentlik is dié drie sisteme verantwoorde-

lik vir 'n bykans onoorsienbare groot verskeidenheid klankeffekte" (p.16). 'n Vierde "passiewe" sisteem word ook onderskei: "Hoewel die spraakapparaat al die organe insluit wat vir die produksie van klank gebruik word, is dit op sigself nie voldoende vir die doeleindes van spraak nie. 'n Mens kan nl. nouliks korrek praat as jy nie kan oordeel of die gewenste klankeffekte voortgebring word nie. Hiervoor is die *gehoor* onontbeerlik. Die gehoor vorm 'n vierde, passiewe sisteem wat gedurig die klankresultate van die ander drie, aktiewe sisteme kontroleer. Dit vorm m.a.w. 'n *monitorsisteem*" (kursivering E.B. v.W., p.16).

Dit is jammer dat die skrywer in 'n werk met die aard van PF so min aandag gee aan die gehoor wat as 'n vierde "passiewe" monitorsisteem beskou word. Twee punte verdien hier aandag. Ten eerste is dit bekend dat die monitorsisteem waarskynlik net so "aktief" is soos die ander sisteme in die spraakaksie - die punt is net dat dit onbewustelik funksioneer (vgl. Catford 1977 : 5). Ten tweede word dit hier in PF geïmpliseer dat die gehoor al monitorsisteem is. Inderwaarheid is daar egter verskillende terugvoersisteme ("feedback systems") wat 'n rol speel in die spraakhandeling. Naas ouditiwe terugvoer ("auditory feedback") is daar ook nog minstens 'n vorm van gevoelsterugvoer ("tactile feedback") (sien ook Borden & Harris (1980 : 131)). Deur bepaalde vorme van gevoelsterugvoer na die sentrale senuweestelsel vanaf die spraakorgane word bewuste sensasies opgebou van beweging, gevoel, drukking ens. (sien Catford (1977 : 5)). As sodanig speel dié sisteem 'n uiters belangrike rol in die bepaling van "korrekte" artikulasiestande.

Die doelbewuste ontwikkeling van beide hierdie "onbewuste" monitorsisteme behoort 'n sentrale rol te vervul in prakties-fonetiese opleiding: "An important part of the task of the student of phonetics is to make these feedbacks conscious when desired, and much of practical phonetic training is directed to this end" (Catford 1977 : 5). Die klem wat normaalweg val op "ear-training" en "training for control of the organs of speech" (Ward 1958 : 28, 29) is 'n duidelike manifestasie van dié siening. Vergelyk ook Greene (1972 : 74) in hierdie verband: "The hearing training (...) is probably of far greater value in eliciting the correct muscular responses than any verbal cues that may be given. The muscles of the throat, the root of the tongue and the larynx cannot be deliberately and directly controlled, but by listening to good patterns of voice and endeavouring to imitate them the desired results are eventually achieved, chiefly by means of the individual's auditory control or 'feed-back'. Taking place synchronously is of course the kinaesthetic proprioceptive and tactile feed-back which are less obvious but equally important factors in the learning process".

Al werklike aandag wat daar in PF gegee word aan die ontwikkeling van praktiese gehoorvaardighede word in Hoofstuk 1 (pp. 12-13) gevind waar enkele tegnieke vir die ontwikkeling van "fonetiese gehoor" bondig bespreek word (sien ook die voorstel hieromtrent in § 7.2 hieronder).

In hoofstuk 2 gee die skrywer 'n besonder volledige beskrywing van die anatomiese eienskappe en fisiologiese funksies van die infraglottale sisteem (die longe, bronchi en trachea), die fonasiesisteem (die larinks en glottis) en die artikulasiesisteem (die spraakkanaal). In die lig van hierdie gedetailleerde beskrywings sou 'n meer volledige beskrywing ook van dié aktiewe artikulator, nl. die tong, veel kon bydra tot die geslaagdheid van hierdie hoofstuk. Dit is naamlik bekend dat daar minstens twee stelle tongspiere betrokke is in die voortbrenging van 'n groot aantal spraak-

klanke (vgl. Perkell 1969 : 62-68; Smith 1971 : 11, 12; Borden & Harris 1980 : 94). Die sg. "stadige" ekstrinsieke tongspiere is verantwoordelik vir die plasing van die tong in die mondholte en as sodanig het dit 'n spesifieke funksie in die artikulasie van vokale. Die "vinnige" intrinsieke tongspiere, daarenteen, is verantwoordelik vir die spesifieke vorm wat die tong mag aanneem en het as sodanig weer 'n duidelike funksie in die artikulasie van 'n groot verskeidenheid konsonante.

2.2 Die interpretasie van spraakklank in die fonetiek

In Hoofstuk 3 raak die skrywer eerstens die problematiek van spraakklank-identifikasie aan, waarna hy die begrip "sillabe" aan die orde stel. Alhoewel die skrywer oordeel (p.30) dat die sillabebegrip moeilik definieerbaar is, gee hy 'n uiteensetting van 'n toegepaste "asemstootteorie" wat in terme van begrippe soos "vrylating", "kulminasie", "remming", "sillabekern", "sillaberande", "randsegmente" ens. geformuleer is. Dit word gestel dat die "asemstootteorie" "... ondanks sekere gebreke deur *die meeste fonetici aanvaar word*" (p.30; my kursivering - J.C.R.). Hierdie stelling druk na alle waarskynlikheid 'n oorvereenvoudiging uit indien rekening gehou word met die verskillende teorieë wat daar wel bestaan oor die sillabe en met die groot omsigtheid waarmee fonetici hierdie teoretisering benader (vgl. veral Ladefoged 1975 : 217-22). Dit is nl. bekend dat die sillabe gedefinieer kan word in terme van

- (i) akoesties/perseptiewe eienskappe;
- (ii) artikulatoriese eienskappe;
- (iii) funksionele eienskappe (vgl. Ladefoged 1975 : 217-221; De Villiers 1965 : 72; Pike 1967 : 54; Malmberg 1963 : 64-69).

Die Afrikaanse fonetikus De Villiers steun so byvoorbeeld nie 'n artikulatories-gebaseerde teorie nie: "Voorlopig gebruik ons egter tog nog sonoriteit en nie artikulasie as maatstawwe om die *aantal* sillabes te bepaal, en stel ons die *sillabegrens* waar nodig volgens ons subjektiewe oordeel vas" (1965 : 73; kursivering M.d.V.).

Van Wyk se siening van die artikulatories-gebaseerde "asemstootteorie" is verder direk strydig met dié van De Villiers wanneer lg. beweer dat "Die ouditiewe benadering is die *algemeenste*, en die meeste taalkundiges wat dit in beginsel aanvaar, verskil ook weinig onderling" (De Villiers 1965 : 71-2; my kursivering - J.C.R.). Die feit dat skrywers geneig is om aan hul eie sienings gewig te probeer verleen deur te beweer dat dit "deur die meeste fonetici aanvaar word", of dat dit "die algemeenste" is, dra ongelukkig nie by tot die vorming van 'n gebalanseerde perspektief op die betrokke problematiek nie. Met betrekking tot hierdie twee standpunte bly die vraag: Watter beskouing is die algemeenste?

In § 3.2.3 (p.31) word die verskillende "dele" van die sillabe bespreek en word dit duidelik dat die skrywer ook ouditiewe eienskappe in ag neem: "Sillabiese segmente is nl. altyd luider, langer en meer toonvol as hulsillabiese eweknieë en hulle word meesal ook op 'n hoër toonhoogte uitgespreek" (p.31). Die volgende voorbeeld word dan aangebied: "Die [n] van wetenskap het dus bv. meer luidheid, lengte en sonoriteit en word op 'n hoër toonhoogte uitgespreek as die [n] van nou" (p.31). 'n Vraag wat nou

uit hierdie voorbeeld voortvloei is: Gestel dat dit in beginsel moontlik is dat 'n sillabiese en onsillabiese nasaal in die genoemde vier opsigte van mekaar kan verskil, sou dit dan so kategorieë vir hierdie voorbeelde gestel kon word (vgl. "dus")? Is dit werklik so eenvoudig om "korrekte" impressionistiese uitsprake te maak oor bv. lengte en toonhoogte? Die besondere kwaliteite wat aan [n] teenoor [n] toegeken word, kan waarskynlik deur baie "praktiese" en "outonome" fonetici bevraagteken word.

Aan die einde van paragraaf 3.2.3 demonstreer die skrywer 'n sillabeerverdeling in Afrikaans in terme van artikulatoriese oorwegings: "Danksy die fonetiese verskille tussen vrylatende en remmende segmente is dit in die reël betreklik eenvoudig om vas te stel waar die grens tussen twee sillabes lê wanneer daar verskeie randsegmente is. Daar is bv. 'n duidelike verskil in die artikulasie tussen die [t-sl] van voetslaan en die [ts-l] van koetslamp. In die eerste voorbeeld word [s] bv. langer, luider en meer gespanne as in die tweede voorbeeld geartikuleer omdat dit in een geval 'n vrylatende segment is en in die ander geval 'n remmende segment (p.32). Die vraag wat hier opduik is of dit werklik artikulatoriese oorwegings is - indien dié artikulatoriese gegewens korrek is - op grond waarvan dié sillabeerverdeling gemaak word? Word hierdie verdelings nie dalk op semantiese grond "intuïtief" deur die moedertaalspreker gemaak nie? Sou die verdeling ook op suiwer artikulatoriese gronde gemaak kan word deur 'n nie-moedertaalspreker wat nie kennis dra van die woordsamestellings nie?

Hoofstuk 3 word dan afgesluit met 'n bespreking van "Die fonetiese segment" (p.33), "Die segmentkruin" (p.35), "Soorte segmente" (p.37) en "Bowesegmentele klankkenmerke" (p.38).

2.3 Die voorstelling, ontleding en beskrywing van spraakklank

Hoofstuk 4 word ingelei met 'n bespreking van enkele wyses waarop segmente diagrammaties voorgestel kan word. Twee tipes diagramme, nl. statiese en dinamiese diagramme, wat toevallig vrylik in PF gebruik word, word van naderby beskou.

Met betrekking tot die beginsel van klankrepresentasie stel die skrywer dit as volg: "Om klank direk af te beeld, is natuurlik nie moontlik nie. Die werking van die spraakorgane tydens die artikulasie van 'n klank kan egter afgebeeld word, aangesien dit hier gaan om die *waarneembare bewegings* wat uitgevoer word en *waarneembare posisies* wat deur die spraakorgane ingeneem word. Sulke afbeeldings is nuttig om die artikulasie van segmente of van eenvoudige segmentkombinasies te illustreer en voorbeelde daarvan kan in haas enige fonetiekhandboek gevind word" (p.40; my kursivering - J.C.R.). Wat hier beklemtoon moet word is die punt dat dit om "waarneembare bewegings" en "waarneembare posisies" van die spraakorgane gaan. M.a.w., dit kom daarop neer dat 'n bepaalde diagram die direkte resultaat is of behoort te wees, van die een of ander waarneming. Die aard van die moontlike waarnemings kan uiteraard verskil: 'n diagram kan nl. die resultaat wees van 'n outonoom-fonetiese (eksperimentele) waarneming, of van 'n prakties-fonetiese (impressionistiese) waarneming. Uit die aard van die saak is dit waarskynlik so dat 'n diagram gebaseer op outonoom-fonetiese waarneming meer geloofwaardig en waarskynlik ook meer akkuraat is as een gebaseer op impressionistiese introspektiewe waarneming. Per slot van rekening is daar baie artikulatoriese bewegings en stande wat gewoonweg bloot ontoeganklik vir introspektiewe waarneming is. Hoe bepaal 'n mens byvoorbeeld die werklike posisie

van die velum op 'n gegewe tydstip in 'n kontinuum van artikulatoriese bewegings (vgl. Fig. 8; p.40)? Hoe word die grootte/wydte van die farinks bepaal? Wat is die spesifieke hoogte van die stemspleet op 'n gegewe tydstip? 'n Diagram gebaseer op impressionistiese waarneming is dikwels 'n diagram van hoe ons "dink" 'n klank gevorm word, eerder as van hoe dit werklik gevorm word. Ter toeligting kan weer die statiese diagramme van die kruinartikulasies van die woord 'moet' vergelyk word (Fig. 8, p.41). In die diagram van [u] verkeer die velum in 'n oop posisie en word die klank as volg beskryf: "[u] word geartikuleer terwyl die agter tong taamlik hoog in die rigting van die velum gebuig is en die neusdeurgang oop is" (p.40). Die vraag is nou: op grond waarvan beweer die skrywer dat die neusdeurgang nog oop is tydens die kruinartikulasie van [u]? Is daar enige radiologiese gegewens vir hierdie spesifieke voorbeeld? Is daar enige eksperimentele en/of impressionistiese evidensie vir die aanwesigheid van egressiewe nasale lugvloei tydens die artikulasie van [u]? Gaan dit nie dalk hier om die a priori aanname dat, omdat die vokaal 'n nasaal volg, die vokaal nog eienskappe van die nasaal tydens die kruinartikulasie behoort te vertoon en die neuskanaal dāārom nog oop behoort te wees nie? Dit is wēl so dat statiese diagramme "... vereenvoudigde afbeeldings is van die stand van die spraakapparaat tydens 'n kruinartikulasie" (p.40). Dan is dit egter seker so dat statiese diagramme "getroue" afbeeldings van kruinartikulasies is/sal wees. Anders het sulke diagramme weinig waarde!

Die feit dat 'n diagram 'n nie-verbale beskrywingswyse van klankartikulasie verteenwoordig, stel uiteraard besonder hoë eise aan die korrektheid daarvan. Ladefoged is skynbaar ook diep onder die indruk van die eis van korrektheid/geloofwaardigheid wanneer hy dit in die inleiding van sy handboek as volg stel: "Wherever possible I have checked the facts with my own observations. *The majority of the illustrations are based on my own X-ray tracings or acoustic analyses*" (Ladefoged 1975 : ix; my kursivering - J.C.R.; sien ook 1.2.2.2).

Die vraag is nou: Hoe goed is statiese diagramme in PF geverifieer? Bestaan daar enige objektiewe ondersteuning vir diē diagramme of is almal bloot die resultaat van persoonlike praktiese waarneming deur die skrywer? As gevolg van die feit dat PF nie as 'n monografie beskou word nie en daar gevolglik ook geen toepaslike bibliografie in voorkom nie, is dit uiters moeilik om te bepaal of daar wel onafhanklike ondersteuning vir diē diagramme bestaan. Te oordeel aan opmerkings in die Voorwoord lyk dit egter of baie van die data die resultaat is van "... eerstehandse waarneming". Dit sal in die loop van die bespreking hieronder aangetoon word dat sekere diagramme in PF nie versoenbaar is met diagramme wat in terme van beide impressionistiese en eksperimentele gronde geverifieer is nie (vgl. bv. § 3.3.5).

Hoofstuk 4 word verder gewy aan die beginsels van fonetiese notasie. 'n Kort historiese oorsig word gegee oor die IPA-stelsel waarna spesifieke uitgangspunte van die IPA aan die orde gestel word (pp. 45-7). Alhoewel die IPA-simbole later in PF in individuele klankbeskrywings volledig behandel word, word daar egter nie een volledig samevattende lys van IPA-simbole en ooreenkomstige taalspesifieke ortografiese simbole aangebied nie. So 'n samevattende lys sou vir o.a. verwysingsdoeleindes van groot waarde kon wees.

3. Die beskrywing van vokaalsegmente

In hoofstukke 5 en 6 kom die beskrywing van vokaalsegmente aan die beurt. Vir die doel van hierdie bespreking sal dié hoofstukke hieronder as 'n eenheid behandel word.

3.1 Die PF-benadering : artikulatories

Die skrywer benader vokaalartikulasie hoofsaaklik vanuit 'n artikulatoriese oogpunt. Vokaalkwaliteite is die resultaat van 'n reeks modifikasies van die sg. mond- en keelresonators. Drie verskillende tipes modifikasies word onderskei. Ten eerste word drie "primêre modifikasies" (p.55) onderskei, t.w. horisontale en vertikale tongmodifikasies en labiale modifikasies. Hierdie drie primêre modifikasiebeginsels is in "... die praktyk voldoende om die deurslaggewende faktore wat vokaalkwaliteit bepaal, redelik betroubaar te verantwoord" (p.55). Verder word daar 'n onderskeid gemaak tussen "sekondêre modifikasies", wat te doen het met "die benutting van bykomende resonators" (p.55) en "tersiêre modifikasies" wat "... nie enige invloed op die resonators het nie" (p.55), maar te doen het met tongspanning, die stand van die stemspleet ens.

Afgesien van die beskrywing van die spesifieke tongstande in vokaalartikulasie (pp. 55-63), word daar ook nog addisionele artikulatoriese gegewens verskaf oor "Ander modifikasies wat met tonghoogte saamhang" (p.57). Dit gaan hier om informasie oor velumstand, kakebeenstand en stemspleetposisie. Verder word daar ook, benewens die "normale" beskrywing van verskynsels soos retrofleksering, faringalisering ens., ook 'n artikulatoriese beskrywing gegee van 'n verskynsel wat "substituutronding" (p.77) genoem word.

Die skrywer gee voorts uitvoerig aandag aan die oorsprong, vorm en gebruike van die kardinale vokaalkaart (pp. 65-74). Alhoewel dit duidelik gestel word dat die kardinale vokaalkaart a la Daniel Jones na artikulatoriese én perseptiewe aspekte verwys (p.67), gaan die skrywer in sy eie beskrywing groten-deels net artikulatories te werk. In die beskrywing van die vokaalsegmente van Afrikaans (pp. 55-57, 60-61) en in die vergelykende beskrywing van die vokaalsegmente van Zulu, Engels en Noord-Sotho val die klem uit en uit op die artikulatoriese aspekte: "... wanneer die *tongstande* van die volgende vokale vergelyk word ..." (p.58); "... dit is moeilik om die vertikale *tongstand* van 'n vokaal ..." (p.58); "... die vertikale *tongstande* van ..." (p.59); "... vyf vertikale *tongstande* ..." (p.59) ens. (my kursivering - J.C.R.).

Dit is jammer dat die skrywer in sy eie beskrywing sóveel klem laat val op die artikulatoriese en nie meer pertinent die aandag vestig op die feit dat dit basies om perseptiewe verskille gaan nie. Per slot van rekening is baie min, indien enige, van die aangebode data oor Afrikaans (pp. 55-57, 60-61, 69), Zulu (p. 59, 69), Noord-Sotho (p.59) en Tswana (p.69) al ooit objektief op eksperimenteel-artikulatoriese gronde geverifieer. Die feit dat daar byvoorbeeld geen X-straalgegewens oor vokaalartikulasies in bogemelde tale bestaan nie, en die feit dat dié wat wel bestaan, skynbaar nie in ag geneem is nie (vgl. die data van Westphal 1971), regverdig beslis nie so 'n oormatige beklemtoning van die artikulatoriese aspekte nie.

Hierdie suiwer artikulatoriese benadering van die beskrywing van vokale het minstens twee direkte uitvloeisels. Eerstens veroorsaak dit dat 'n sisteem wat deskriptief-leë etikette bevat vir die beskrywing gebruik word. Tweedens lei dié tipe beskrywings dikwels tot twyfelagtige artikulatoriese "verklarings" vir bepaalde verskynsels. Wat die "sisteem" betref: in die

afdeling oor die vertikale stand van die tong by vokaalartikulasie (p. 57-60) stel die skrywer dit dat dit "... moeilik (is) om die vertikale tongstand van 'n vokaal sō te beskrywe dat geringe verskille daarin verdiskonteer word" (p.58). Dit word dan aangetoon dat dit tog soms nodig is om selfs méér as vyf vertikale tongposisies in 'n besondere taal te beskryf. 'n Sisteem gebaseer op die hoogste en laagste vertikale tongposisies word dan aangebied om die vokaalsegmente in verskillende tale te beskryf, en wel op die volgende basis:

- (4) (i) vier vertikale tongposisies soos vir Afrikaans, Frans, Zulu, Xhosa, Venda en Tsonga (p.58):
- hoog
 - middelhoog
 - middellaag
 - laag
- (ii) vyf vertikale tongposisies soos vir Engels, Nederlands en Duits (p.59):
- hoog
 - middelhoog
 - middel
 - middellaag
 - laag
- (iii) ses vertikale tongposisies soos o.a. vir Noord-Sotho (p.59):
- hoog
 - middelhoog geslote
 - middelhoog oop
 - middellaag geslote
 - middellaag oop
 - laag

In die voorbeelde hierbo verwys die terme "hoog" en "laag" en die wisselvorme daarvan na relatiewe tonghoogteposisies. Dit word in die geval van (iii) hierbo gestel dat "Wanneer meer as vyf vertikale posisies onderskei moet word, kan die terme *oop* en *geslote* bygebring word om laer en hoër tongstande onderskeidelik aan te dui: (p.59; kursivering E.B.v.W.). Dit is nou interessant om daarop te let dat binne "tradisionele" vokaalbeskrywings (vgl. Pike 1967 : 137, Malmberg 1963 : 34) die terme "oop" en "geslote" twee uiterste punte verteenwoordig op 'n kontinue skaal wat direk verband hou met "laag" en "hoog" onderskeidelik. M.a.w., 'n lae vokaal is "oop", 'n middellae vokaal is "half-oop", 'n middelhoë vokaal is "half-geslote" en 'n hoë vokaal is "geslote". In die meeste gevalle kan dié twee stelle terme as alternatiewe gebruik word. In (iii) hierbo word die terme "oop" en "geslote" egter gebruik om byvoorbeeld 'n bepaalde tongstand soos middellaag verder te kwalifiseer. In hierdie proses het die terme "oop" en "geslote" hul artikulatoriese inhoud verloor en niks anders as taksonomiese etikette geword nie. Hoe kan 'n vokaal met 'n middellae tongstand fisies tegelyk "geslote" én "oop" wees? Dit is duidelik dat dié terme klassifikatories van nut kan wees, maar artikulatories leeg is.

Met verwysing na die horisontale stand van die tongliggaam word die volgende beweer: "In die geval van hoë vokale is daar heelwat meer potensiële verskille as in die geval van lae vokale. Die tong moet bv. verder beweeg om van die posisie van [i] na dié van [u] te verander as om van [e:] na [o:] te verskuif. Die beweging van [ɛ] na [ɔ] is nog minder, terwyl dié van [a] na

[a:] heel gering is" (p.60-1). As sodanig skyn hierdie observasie heeltemaal korrek te wees, maar dan word eie volgende "verklaring" daarvoor aangebied: "Dit is toe te skrywe aan fisieke beperkings wat deur die tong en die monddak aan horisontale bewegings opgelê word. Dit is nl. nie moontlik om die tong net so ver vorentoe te plaas vir [ɛ] as vir [i] nie" (p.61). Die laasgesiteerde stelling is beslis aanvegbaar aangesien daar eksperimentele data bestaan oor vokaalartikulasies, o.a. in Xhosa (vgl. Westphal 1971 : 3), wat daarop dui dat [ɛ] wel uitgespreek kan word met 'n tongliggaam wat verder na vore in die mondholtte is as tydens die artikulasie van [i]. Die punt wat hier gemaak word is dat dit nie fisies onmoontlik is om die tongliggaam net sover na vore te plaas vir [ɛ] as vir [i] nie - soos wat in PF gesuggerer word - maar dat dit net waarkynlik nie so gebruiklik is nie. Die geskematiseerde vokaalkaart - waar [i] verder na voor "geplaas" word as [ɛ] - dwing waarskynlik die skrywer in hierdie tipe artikulatoriese "verklaring" in.

3.2 Vokaalbeskrywing : 'n alternatiewe benadering

As gevolg van die feit dat daar soveel veranderlikes betrokke kan wees in 'n artikulatoriese beskrywing van vokale en as gevolg van die feit dat dit reeds lank bekend is dat 'n beskrywing van vokale in terme van die hoogste posisie van die tong in die mondholtte 'n oorvereenvoudiging van die feite van vokaalartikulasie verteenwoordig (vgl. Anderson 1976 : 18), is al verskeie alternatiewe modelle van vokaalbeskrywing voorgestel. Een voorbeeld is die tipe akoesties-ouditiewe beskrywing van Ladefoged (vgl. Ladefoged 1968 : 33-40 ; Ladefoged et al. 1972 : 48-94; Ladefoged 1975 : 1-13, 193-205). In Ladefoged (1975 : 13) word minstens vier redes, gebaseer op suiwer eksperimenteel-fonetiese gronde, aangevoer waarom 'n beskrywing van vokale in terme van die hoogste punt van die tong as ontoereikend beskou moet word. Ladefoged gebruik wel 'n vorm van die sg. kardinale vokaalkaart as raamwerk vir beskrywing, maar dan met 'n belangrike kwalifikasie: "Remember that the labels high-low and front-back should not be taken as precise descriptions of tongue positions. They are simply indications of the way one vowel *sounds* in relation to another. They describe the relative auditory qualities, not the articulations" (Ladefoged 1975 : 67-8; kursivering P.L.).

3.3 Problematiese aspekte van die PF-vokaalbeskrywing

In PF word vokaalbeskrywing op twee vlakke gedoen. Enersyds gaan dit om die beskrywing van die besondere artikulatoriese eienskappe van vokale en andersyds om 'n beskrywing van die raamwerk in terme waarvan vokale geklassifiseer en ge-etiket kan word. Hieronder word nou ingegaan op enkele problematiese aspekte van hierdie twee tipes beskrywings wat in PF voorkom:

3.3.1 Die resonansteorie

Onderliggend aan die beskrywing van die artikulatoriese eienskappe van vokale in PF is die aanname van 'n "twee-resonanteorie" van vokaalproduksie : "Die verskille tussen individuele vokale kom tot stand deurdat die mond- en keelholtes sō gemanipuleer word dat hulle resonators van verskillende fatsoene vorm. Wanneer lug deur dié resonators beweeg, word verskillende bowetone van die stem opgevang en versterk. Wat as verskillende vokale gehoor word, is dus verskillende kombinasies van bowetone (die sogenaamde *formante*) wat deur die mond- en keelresonators versterk word. Daar is twee resonators wat by die artikulasie van alle vokale 'n rol speel, nl. die *mondresonator*, wat altyd minstens die voorste helfte van die mondholtte insluit, en die *keelresonator*,

wat kan bestaan uit die keelholte alleen of uit die keelholte plus die agterste deel van die mondholte"; "Die spesifieke bowetone wat versterk word, hang af van die fatsoene van die resonators". (p.54; kursivering E.V.v.W.).

Hierdie teorie oor vokaalartikulasie is gebaseer op die aanname dat die formantfrekwensies van vokale direk verband hou met die vorm ("fatsoen") van die mond- en keelresonator onderskeidelik: die mondresonator se vorm hou direk verband met F2-frekwensies en die keelresonator met F1-frekwensies. Alhoewel daar wel aanduidings mag bestaan van so 'n direkte verband tussen akoestiese kwaliteite en resonantkonfigurasies (vgl. Borden & Harris 1980 : 102-3), is dit ook al duidelik deur Fant (1970 : 113) eksperimenteel aange- toon dat dit 'n oorvereenvoudiging is om "... spesifieke bowetone ..." te koppel aan spesifieke resonators. Dit skyn hedendaags veel eerder aanvaar te word dat die akoestiese kwaliteite van vokale gesien moet word in ver- houding tot die totale konfigurasie van die spraakkanaal en nie in terme van die som van die dele nie (vgl. o.a. Perkell 1969 : 62-65; Fant 1970 : 113-4; Borden & Harris 1980 : 103, 106). Vanuit hierdie oogpunt gesien, skyn die "verdeling" van die spraakkanaal in 'n "mond- en keelresonator" 'n kunsmatige, eerder as 'n realistiese, te wees.

3.3.2 Diagrammatiese vokaalvoorstellings


In paragraaf 2.3 is 'n aantal vrae gestel oor die geloofwaardigheid van statiese diagramme as 'n beskrywingsmiddel in die algemeen. In PF word 'n beskrywing van die vokaalsegmente van Afrikaans aangebied aan die hand van twee statiese diagramme (Figure 13 en 14, p.56). Van 'n werk soos PF waarin daar so sterk gesteun word op die artikulatoriese, - "addisionele" artikulatoriese informasie m.b.t. tonghoogte in vokaalartikulasie word selfs onder 'n aparte hoof aangebied; sien § 5.2.2 op p. 57 - sou verwag kon word dat die artikulatoriese "feite" in alle opsigte korrek is. Die konfigura- sies in Figure 13 en 14 vertoon egter eienaardighede wat moeilik versoen- baar is met algemene beginsels van vokaalproduksie. Vergelyk die vol- gende kalkerings van Figure 13 en 14 onderskeidelik:

Voorbeeld (5)



Indien die een diagram hierbo op die ander gesuperimponeer word, dan blyk dit dat die vokale (van Afrikaans/in die algemeen?) in die volgende onderlinge (artikulatoriese) verhouding tot mekaar verkeer:

Voorbeeld (6)



In terme van tradisionele artikulatoriese beskouings, wyk (6) in minstens twee opsigte skerp af. Eerstens neem [u] hier 'n hoër tongstand aan as die hoë voorvokaal [i] (vgl. ook Figuur 18, p.66 - waarin dieselfde implisiet beweer word). Tweedens is die "afstande" tussen die agtervokale onderling groter as dié tussen die voorvokale. In tradisionele beskouings word die [u] juis voorgestel as laer as [i] en verder word die "afstande" tussen agtervokale juis voorgestel as kleiner as dié tussen voorvokale (vgl. De Villiers 1965 : 55; Westphal 1970 : 2,5; Catford 1977 : 173).

Die vraag wat natuurlik hier beantwoord moet word, is nl. wat die status van dié statiese diagramme is. Verteenwoordig dié diagramme eksperimenteel geverifieerde tongposisies van vokaalsegmente in Afrikaans? Indien daar wel objektiewe verifikasie vir dié spesifieke tongposisies bestaan, dan het Afrikaans voorwaar 'n besondere stel vokaalsegmente insover dit die artikulasie daarvan betref. Aan die anderkant sou dié diagramme vertolk kon word as verteenwoordigend van impressionistiese waarnemings alleen. Indien dít die geval is, dan klop dié waarnemings net eenvoudig nie met ander taal-spesifieke waarnemings nie (vgl. De Villiers 1965 : 55; Le Roux en Pienaar 1929 : 28, 29) en ook nie met "algemene" waarnemings nie (vgl. Catford 1977 : 173). 'n Derde siening van die status van die statiese diagramme sou moontlik die volgende kon wees: dié diagramme verteenwoordig nóg spesifieke eksperimenteel geverifieerde artikulatoriese posisies nóg spesifieke impressionisties bepaalde artikulasiestande, maar word bloot bedoel om as 'n abstrakte illustrasie te dien vir "moontlike" vokaalartikulasies. Indien dit die geval sou wees, ontstaan die vraag of sulke illustrasies dan werklik enige nut het. Moet hulle miskien ontoereikende verbale beskrywings aanvul?

3.3.3 "Addisionele" artikulatoriese informasie

Ten einde 'n skynbaar meer volledige artikulatoriese beskrywing van vokaal-artikulasies aan te bied, bespreek die skrywer in § 5.2.2 (p.57) 'n aantal "ander modifikasies wat met tonghoogte saamhang". Ten minste drie van die stellings wat in die paragraaf oor artikulasie gemaak word, kan bevraagteken word.

Stelling 1

"In die eerste plek beweeg die velum opwaarts wanneer die agter tong gelig word. Die velum lê bv. heelwat hoër tydens die artikulasie van [u] as tydens die artikulasie van [ɔ]" (p.57).

Alhoewel hierdie stelling met verwysing na eksperimenteel-fonetiese gegewens gedeeltelik geregverdig kan word (vgl. o.a. Kuenzel 1977 : 364; Bell-Berti et al. 1979 : 187), behoort die kategoriese aard van die stelling tog in perspektief gestel te word. In 'n eksperimentele ondersoek na patroonmatige velumbewegings by veertien persone oor ses tale heen, het Clumeck (1976 : 337) bevind dat - alhoewel daar 'n korrelasie mag bestaan tussen lae en hoë vlakke en onderskeidelik oop en geslote velums - velumbewegings in 'n groot mate (i) persoonsgebonde, en (ii) konteksgebonde is. Na alle waarskynlikheid is dit dus 'n oorvereenvoudiging om te beweer dat die velum altyd "heelwat hoër" lê tydens die artikulasie van [u] as tydens die artikulasie van [ɔ].

Stelling 2

"In die tweede plek kan die onderkaak se posisie saam met die vertikale posisie van die tong varieer. Hy sak bv. heelwat laer vir vokale soos [a] as vir vokale soos [i] en [u]" (p.57).

Die skrywer is tereg baie versigtig met die formulering van dié stelling; daarvan getuig die gebruik van die kwalifikasie "kan" in die sin dat die onderkaak se posisie saam met die vertikale posisie van die tong "kan" varieer, maar nie noodwendig "moet" varieer nie. Die voorbeeld dui natuurlik op die kakebeenstand van uiterstes in vokaalartikulasie, d.i. die stand by die artikulasie van "lae" en "hoë" vokale. Lindblom en Sundberg (1971) het nl. verder aangetoon dat tonghoogteverskille en kakebeenposisies (kakebeenopeninge) deur die hele spektrum van vokaalartikulasies kan korreleer. Dit is selfs gesuggereer dat vokaalhoogteverskille (d.i. tonghoogteverskille) ewe goed in terme van kakebeenopeninge uitgedruk en beskryf kan word (vgl. o.a. Ladefoged et al. 1972 : 70). Addisionele eksperimentele ondersoek het egter getoon dat relatiewe kakebeenopening nie 'n geskikte parameter kan wees in terme waarvan vokale beskryf kan word nie aangesien daar te veel variasie bestaan by verskillende persone in hul gebruik van dié parameter (vgl. veral Ladefoged et al. 1972 : 68-70; Neary 1978 : 47). In 'n latere werk (Roux 1979 : 36-46) is dit ook aangetoon dat in 'n spesifieke taal (Suid-Sotho) graduele verskille in tonghoogte nie direk verband hou met verskillende grade van kakebeenopening nie.

In die lig van die feit dat hier na die aktiwiteite van die onderkaak in vokaalartikulasie verwys word, is dit interessant dat die skrywer geen melding maak van 'n bepaalde verskynsel wat waargeneem is in sekere Bantoe-tale nie: sekere vokale kan skynbaar geartikuleer word met 'n vooruitgeslote onderkaak. Westphal het reeds in 1971 oor vokaalartikulasies in verskillende Bantoe-tale eksperimenteel-fonetiese gegewens verstrekkend waaruit sou blyk dat sekere vokale met kakebeenprotrusie ("jaw thrust", Westphal 1971 : 4) uitgespreek word. Aangesien daar voor die publikasiedatum van PF geen enkele werk verskyn het wat die data van Westphal verkeerd bewys het nie, is dit moeilik verstaanbaar dat dié data nie geïnkorporeer is in PF nie. Die vraag kan sekerlik gestel word of die praktiese fonetiek in hierdie geval wêl kennis geneem het van bevindings van die outonome fonetiek.

Stelling 3

"En derdens verander die hoogte van die stemspleet ook in sekere gevalle met die vertikale tongstand. Vir [i] verkeer dit bv. in die neutrale po-

sisie, vir [u] sak dit effens, en vir [ɔ] sak dit nog meer" (p.57).

Deur die hoogte van die glottis en die hoogte van die tong op so 'n wyse direk met mekaar in verband te bring, bevestig die skrywer implisiet die siening dat [i] 'n hoër tongstand het as bv. [u]. Hierdie siening spreek egter nie so duidelik uit die beskrywing van vokaalsegmente op pp. 55-56 nie. (Vgl. ook weer paragraaf 3.3.2 en diagramme (5) en (6) in hierdie werk).

Dié siening dat die stemspleet in 'n "neutrale" posisie verkeer vir [i], maar geleidelik "sak" vir die vokale [u] en [ɔ] klop egter nie met twee eksperimenteel-fonetiese analyses nie. M.b.v. onder meer X-straaltegnieke het Perkell (1969 : 40) vasgestel dat die hoogte van die larinks (dus ook van die stemspleet) geleidelik afneem vir die volgende vokale [æ, i, I, ε, ʊ, u]. Alhoewel die [i] dus 'n hoër posisie mag hê as [u], is die middelvokaal [ε] se posisie hoër en nie laer as dié van [u] nie. Selfs die lae agtervokaal [a] se stemspleetposisie is hoër as dié van [u]. Dit is gevolglik moeilik om te sien hoekom die stemspleethoogte van [ɔ] dan juis laer sal wees as dié van [u].

Hierdie standpunt van Perkell word verder indirek ondersteun deur 'n ondersoek van Ewan & Krones (1974). M.b.v. 'n sg. "thyroumbrometer" is vertikale larinksbewegings by die vorming van sluitklanke en vokale in vier verskillende tale ondersoek. Die tersaaklike resultate kan as volg opgesom word: "The three vowels i, a and u, have a high, mid and low mean larynx position, respectively, with a pattern in which i and a are switched, occurring less frequently. The vowel u is often significantly lower in larynx position *than the next lowest vowel*" (Ewan & Krones 1974 : 334; my kursivering - J.C.R.)

Ook uit die bespreking hierbo blyk dat die prakties-fonetiese beskrywings van PF in werklikheid min op die bevindinge van die outonome fonetiek steun.

3.3.4 Substituutronding

In die beskrywing van sekere sekondêre en tersiêre modifikasies m.b.t. vokaal-artikulasies voer die skrywer 'n "kenmerk", "substituutronding", in wat as volg omskryf word: "Substituutronding is 'n modifikasie van die voormondresonator wat dieselfde perspetiewe effek het as lipronding. Dit bestaan in die aanbring van 'n steil helling in die voortong sodat dit as't ware 'n "bakkie" vorm. Dit stel 'n voormondresonator daar wat wesenlik dieselfde frekwensies versterk as 'n resonator wat met lipronding gevorm word. Die perseptiewe effek van substituutronding is dus dieselfde as die van gewone lipronding" (p.77).

Hierdie beskrywing bevat 'n artikulatoriese en 'n akoesties/perseptiewe komponent. M.b.t. die artikulatoriese komponent word beweer dat die voortong "... as't ware 'n "bakkie" vorm". 'n Statiese diagram (Fig. 25) word dan aangebied om hierdie "bakkie" konfigurasie te illustreer. Die vraag kan natuurlik hier gestel word of daar enige objektiewe verifikasie bestaan, nie net vir die aangebode diagram nie, maar ook vir die beskrywing as sodanig? Is dit werklik so dat die Afrikaanse vokale [y:] in duur, [ø:] in deur en [œ] in ruk "... in normale spraak wat min of geen lipronding maar wel met substituutronding uitgespreek ..." word, d.w.s. met 'n voortong-"bakkie"? Is daar enige pogings aangewend om hierdie "kenmerk" "... wat tot dusver nog nie erken was nie, ..." (Voorwoord) - eksperimenteel te verifieer? Of moet dié siening van 'n bepaalde tongkonfigurasie ook beskou word as 'n "unsupported speculation" (Lieberman 1976 : 93)?

Die stelling van die skrywer dat 'n voormondresonator tot stand kom "... wat wesenlik dieselfde frekwensies versterk as 'n resonator wat met lip-ronding gevorm word" (p.77) is hoogs aanvegbaar. Sonder enige akoestiese analise en gepaardgaande perseptiewe toetsing is so 'n stelling moeilik verdedigbaar. Sien ook §3.3.1 in hierdie verband.

In die lig van die feit dat die skrywer die betrokke verskynsel juis beskou as een "... wat tot dusver nog nie erken was nie, ..." (Voorwoord), en dat "Dit (...) nie bekend (is) of, en in welke mate substituuutronding in ander tale voorkom nie" (p.77), kan die leser verwag dat daar meer substantiewe inhoud aan die nuwe "kenmerk" gegee word. Impressionisties-fonetiese oordele is in so 'n geval net nie voldoende nie.

3.3.5 Retrofleksering

Op p.77 gee die skrywer verder 'n beskrywing van die retroflekseringsverskynsel. Hierdie verskynsel word in die volgende artikulatoriese terme beskryf: "Dit beteken dat die tongpunt terugkrul in die rigting van die palatum terwyl die tongrug sy posisie vir die vokaal inneem" (p.77). Die verskynsel word verder geïllustreer met 'n statiese diagram (Fig. 26) wat identies is met die een in Ward (1958 : 145). Voorbeelde van lae vokale wat in Amerikaanse Engels geretroflekseer word, word genoem en dan word dit gestel dat "ander vokale" gewoonlik nie geretroflekseer word nie. Die volgende rede word daarvoor aangebied: "Dit is trouens moeilik om hierdie vokale te retroflekseer, aangesien die voortong nie lank genoeg is en laag genoeg lê tydens die artikulasie van hierdie vokale om effektief te kan terugkrul nie" (p.78). In hierdie beskrywing word dit dus eksplisiet en implisiet beweer dat die terugkrul van die tong 'n noodsaaklike voorwaarde is vir retrofleksering.

Die belangrike punt wat egter in die betrokke beskrywing gemis word, is dat die terugkrul van die tong juis nie 'n noodwendige voorwaarde is vir retrofleksering nie. Ladefoged (1975 : 71) stel die saak so: "Some speakers have the tip of the tongue raised, (...), but others keep the tip down and produce a high bunched tongue position. These two gestures produce a very similar auditory effect. Recent X-ray studies of speech have shown that in both these ways of producing a rhotacized quality there is usually a constriction in the pharynx caused by retraction of the part of the tongue below the epiglottis". Ook Lindau (1978 : 554) bied 'n X-straaldiaagram aan ter ondersteuning van hierdie punt.

Dit kom voor of die skrywer ook m.b.t. die beskrywing van hierdie punt nie genoegsaam gesteun het op die "... resultate en die insigte van die outonome fonetiek" (p.8) nie.

3.3.6 Artikulasiespanning

Die verskynsel van artikulasiespanning by vokale word as volg beskryf: "In die geval van vokale ontstaan groter artikulasiespanning wanneer die tong se kante stywer teen die monddak druk. Dit veroorsaak dat die tongrug in die breedte sprei en die artikulasie-opening dus smaller en langer word, terwyl die tongwortel na agter druk en die keelholte sodoende vernou. By minder artikulasiespanning is die breedtespreiding van die tong minder en is die tongwortel verder vorentoe" (p.82).


In hierdie beskrywing is twee punte van belang. Ten eerste word beweer dat die tongoppervlak in die geval van gespanne vokale meer konveks is as in die

geval met "slap" of ongespanne vokale. Hierdie bewering word dan ook toegelig met 'n statiese diagram (Fig. 29, p.88). Daar skyn geen fout met dié impressionistiese waarneming te wees nie. Ten tweede word beweer dat by die artikulasie van gespanne vokale "... die tongwortel na agter druk en die keelholte sodoende vernou" word. Uit die aard van die saak is dit uiters moeilik, indien nie onmoontlik nie, om sô 'n waarneming op suiwer impressionisties-introspektiewe gronde te maak. Hierdie "vernouing van die farinks"-observasie van die skrywer weerspreek egter

- (i) basiese fisiologiese beginsels m.b.t. tongbeweging (vgl. Lindau et al. 1972 : 76), en
- (ii) eksperimenteel-verworwe X-straal diagramme oor die verskil tussen gespanne en ongespanne vokale (vgl. Ladefoged et al. 1972 : 69, 71; Ladefoged 1968 : 38; Greene 1972 : 64).

Wat (i) hierbo betref: die skrywer toon self vroeg in PF aan dat "Vertikale verskille wysig in 'n sekere mate ook die wydte van die keelholte. Hoe hoër die tong na die monddak gebal word, hoe meer word die tongmassa na bo getrek en hoe groter word die keelholte oopgerek deurdat die tongwortel die tongmassa volg" (p.57). Hy lig hierdie beskrywing met statiese diagramme toe (Figure 13, 14; p.56). Die betrokke observasie is natuurlik heeltemaal korrek aangesien die vorentoetrek van die genioglossus-spier nie net die tong verhoog nie, maar tegelykertyd ook die farinks vergroot (vgl. ook Lindau et al. 1972 : 78). Skematies kan die situasie as volg weergegee word:

(7)



a : genioglossus
b : glossopharyngeus

Wanneer dit egter gestel word dat 'n hoë gespanne vokaal soos [i:] gevorm word met 'n nouer farinks ('n tongwortel wat terugtrek), beteken dit in effek dat daar tegelykertyd met die sametrekking van die genioglossus (wat die tong lig) ook aktiwiteit van die glossopharyngeus moet wees om die tongwortel terug te trek in die keelholte. In hierdie geval sal die twee spiere dan op grond van hul funksies (sien Ladefoged et al. 1972 : 50) teen mekaar moet inwerk; uit beskikbare X-straalmateriaal is dit beslis nie die geval nie. Eksperimentele materiaal aangebied deur o.a. Perkell (1969 : 29), Ladefoged (1975 : 203) en Lindau (1978 : 551) toon duidelik dat die tongwortel verder na vore in die mondholte is by die artikulasie van gespanne vokale as by ongespanne vokale, en dat die situasie beslis nie omgekeerd is soos deur Van Wyk beweer word nie.

4. Die beskrywing van konsonantsegmente

In hierdie afdeling word daar oorsigtelik aandag gegee aan hoofstukke 7, 8 en 9 (pp. 94-165) waarin dit gaan om die beskrywing van konsonantale artikulasies. 'n Kenmerk van hierdie hoofstukke is dat die stof op 'n besonder sistematiese en logies-beredeneerde wyse uiteengesit is - beslis 'n positiewe punt van PF. Verder, aan die positiewe kant, is die hoeveelheid stof wat behandel word, besonder indrukwekkend: daar word nl. 'n beskrywing gegee van 'n groot aantal klanke versprei oor 'n groot hoeveelheid, meestal inheemse, tale. Baie van die betrokke data, veral dié oor die Boesmantale, is minder bekend en normaalweg moeilik bekombaar.

'n Onduidelike punt oor die doelstellings van die skrywer met die aanbied van die voorbeelde moet egter hier genoem word. Dit is nl. moeilik om te bepaal of die skrywer poog

- (i) om die "teoretiese" beskrywing slegs enkele voorbeelde ter toeligting van die verskynsel uit verskillende tale aan te bied; of
- (ii) om na die "teoretiese" beskrywing voorbeelde van "alle" sodanige klanke aan te bied.

Die idee is skynbaar om slegs tipiese voorbeelde van 'n bepaalde artikulasiewyse aan te bied - vgl. "Die volgende is tipiese voorbeelde" (pp. 123, 131) of "Die volgende is algemene vorme ..." (p.126). 'n Probleem ontstaan egter in die geval van stellings soos die volgende: "Die volgende is waarskynlik die *enigste* wat voorkom" (p.129, my kursivering - J.C.R.). Die skrywer gee 'n aantal voorbeelde maar versuim om 'n voorbeeld te verstrek van die ejektiewe stemlose affrikaat [tʃ] wat vrylik in die Nguni- en Sothotale voorkom. (Slegs die ongeaspireerde variasie word genoem.). Indien dit dan hier sou gaan om die "verskeidenheid" van die "tipe" klanke, nl. laminopalatale, waarom dan as voorbeeld selfs 'n geaspireerde variasie aanbied naas die ongeaspireerde vorm? Dieselfde vraag kan gestel word oor die afwesigheid van die ejektiewe mediopalatale sluitklank [ç] - bv. Xhosa -tya "eet" - in die beskrywing van die "betreklik(e) klein" (p.129) reeks mediopalatale "... wat in Suid-Afrika gehoor word".

Vervolgens gee ek aandag aan enkele aspekte van konsonantartikulasie soos dit in die betrokke hoofstukke behandel word.

4.1 Die glottale eksplosief

'n Klank wat skynbaar vroeg 'n probleem van definisie veroorsaak, is die glottale eksplosief [ʔ]. Die skrywer hou egter 'n pertinente standpunt hieromtrent na: "Dit is (...) onjuis om [ʔ] 'n sluitklank, en dus by implikasie 'n konsonant te noem. Afgesien daarvan dat dit met 'n oop neusdeurgang geartikuleer kan word, het dit nie soos egte sluitklanke sluiting in die spraakkanaal nie (maar in die stempleet) en funksioneer dit ook nie as 'n konsonant nie. Dit is juister om [ʔ] as 'n vorm van vokaal- en konsonantaanset te beskou" (p.97). Later word dit weer as volg gestel: "In Engels word dit slegs in nadruklike spraak voor vokale aan die begin van woorde gehoor, bv. in I am eating. In Frans, Italiaans en die Bantoetale is dit onbekend. Omdat dit sekere kenmerke van egte sluitklanke mis en boonop nie as 'n egte konsonant funksioneer nie, is dit juister om [ʔ] as 'n aansetverskynsel te behandel, en nie as 'n konsonant nie" (p.132).

Uit die aanhalings hierbo is dit duidelik dat die skrywer [ʔ] as 'n konsonant diskwalifiseer op

- (i) fisies-fonetiese gronde, en
- (ii) funksionele gronde.

Dit word nl. beweer dat hierdie klank met 'n oop neusdeurgang uitgespreek "kan" word en daarom nie kwalifiseer as 'n sluitklank nie en dus ook nie as 'n konsonant nie. Die vraag is hier egter of daar afdoende bewyse daarvoor is dat die glottale eksplosief wêl met nasale lugvrylating geartikuleer word. Waar dié klank voor orale vokale verskyn, is dit te betwyfel of dit met 'n oop neusdeurgang uitgespreek word. Slegs gerigte eksperimentering sou verder 'n aanduiding kon gee of daar wel sprake is van nasale vrylating van [ʔ] as 'n harde konsonantafeindiging, soos in [manʔ] (p.164).

Die betrokke klank word verder gediskwalifiseer as 'n sluitklank omdat die sluiting nie in die spraakkanaal plaasvind nie, maar in die stempleet. Die vraag wat natuurlik hier gevra kan word, is: Waaruit bestaan die "spraak-kanaal" of, anders gestel, waar lê die grense van die "spraakkanaal"? Dit is welbekend dat die akoestiese kwaliteite van spraakklanke o.a. bepaal word deur die totale lengte van die "spraakkanaal", d.i. vanaf die glottis tot en met die lippe (vgl. Perkell 1969 : 63). Die skrywer stel dit dan ook self dat die spraakkanaal uit 'n mond- en keelresonator bestaan (p.54) en dat die mondresonator begrens word deur die "... buitemondopening, d.w.s. die opening tussen die lippe ..." (p.54). Die keelresonator daarenteenwoord "... aan die ander einde deur die stempleet begrens ..." (p.54). Vanuit 'n funksioneel-fonetiese oogpunt sou die volgende vraag nou gestel kon word; Wat is in beginsel die verskil tussen, enersyds, die artikulasie van 'n klank soos [p] wat gevorm word deur 'n afsluiting van die "buitenste grens" van die spraakkanaal (die lippe), en, andersyds, die artikulasie van [ʔ] wat tot stand kom deur 'n afsluiting van die "binneste grens" van die spraakkanaal (die stembande)? Uit die voorafgaande bespreking lyk dit of die diskwalifikasie van die glottale eksplosief as 'n konsonant op die twee genoemde fonetiese gronde nie altyd suiwer kan wees nie.

Die glottale eksplosief word voorts ook om "funksionele" redes nie as 'n konsonantsegment erken nie. Die skrywer haal hoofsaaklik 'n aantal Afrikaanse voorbeelde aan (pp. 92, 97) en stel dit dan dat die verskynsel as 'n vorm van vokaal- en konsonantaanset beskou moet word omdat dit "... nie as 'n egte konsonant funksioneer nie" (p.132). Tog is dit bekend dat die glottale eksplosief wêl in sekere dialektiese variasies van Engels in die plek van konsonante gebruik kan word (vgl. Ladefoged 1975 : 46) en dat dit as 'n konso-

nantale segment voorkom in Arabies en in sekere Kaukasiese tale (vgl. Catford 1977 : 105). Die verdere bewering dat die betrokke verskynsel "ongekend" is in die Bantoetaale (vgl. p.132) is ook nie korrek nie. Endermann (1966) het byvoorbeeld aangetoon dat dié verskynsel wel in Noord-Sotho foneties is en dat daar 'n sterk saak voor uitgemaak kan word dat dit wel soos 'n konsonant funksioneer.

Ten slotte bly dit dus 'n ope vraag of dit wel "juister" is om die glottale eksplosief so kategorie as 'n aansetverskynsel te beskou en nie ook as 'n konsonantale segment nie?

4.2 Suigklanke

In §9.2.4.1 (pp. 152-155) word die vorming van suigklanke in detail beskryf. 'n Interessantheid hier is die onderskeid wat die skrywer maak tussen, ener syds, eenvoudige stemlose suigklanke [/], [≠], [!] en [//] wat na bewering slegs in Nama voorkom, en, andersyds, stemlose ejektiewe vorme [/ ?], [≠ ?], [! ?] en [// ?] wat nie net in Nama nie, maar ook in Zulu en Xhosa voorkom. Van Wyk se siening dat die suigklanke in Nguni tegelyk ook ejektief is, verskil fundamenteel van die siening van Ziervogel et al. (1967 : 44-48) in terme waarvan dié suigklanke as "radikale" suigklanke (d.i. sonder ejeksie) beskryf word. 'n Objektiewe eksperimenteel-fonetiese ondersoek na die lugvloeipatrone van suigklanke sou waarskynlik lig op dié oënskynlike teenstrydigheid kon werp.

In die betrokke beskrywing is daar egter een belangrike punt wat nie baie duidelik na vore kom nie: dit gaan om die verskil tussen genasaleerde en geprenasaleerde suigklanke in Xhosa en Zulu. Alhoewel daar in §9.3.5 (p.158) wel aandag gegee word aan die term "prenasalering" word die onderskeid nooit duidelik deurgetrek na suigklanke nie. In wese gaan dit hier om die verskille aan te dui tussen

(i) genasaleerde vorme soos:

nc	[ŋ /]	in Xhosa	-nceda	[ŋ / ɛɖa]	'help'
nq	[ŋ !]	in Xhosa	-nqabile	[ŋ / aβilɛ]	'skaars wees'
nx	[ŋ //]	in Xhosa	amanxeba	[amaŋ // ɛβa]	'wonde'

(ii) geprenasaleerde stemlose vorme soos:

nkc	[ŋk /]	in Xhosa	-nkcenkceshela	[ŋk / ɛŋk / ɛʃɛla]	'natlei'
nkq	[ŋk !]	in Xhosa	nkqo	[ŋk ! ɔ]	'klop' (ideofoon)
nkx	[ŋk //]	in Xhosa	inkxaso	[iŋk // asɔ]	'ondersteuning'

(iii) geprenasaleerde stemhebbende vorme soos:

ngc	[ŋ / g]	in Xhosa	-ngcwala	[ŋ / gwala]
ngq	[ŋ ! g]	in Xhosa	ingqibo	[iŋ ! giβɔ]
ngx	[ŋ // g]	in Xhosa	izingxa	[iziŋ // ga]

Hierdie verskillende uitspraakvorme kom algemeen voor in die Ngunitale en dit is jammer dat daar nie meer pertinent op dié verskille in PF ingegaan is nie.

Bantoetaalkundiges en -fonetici kan hulself gerus afvra of die gebruiklike fonetiese simboolsamestellings vir genasaleerde en geprenasaleerde suigklanke (d.i. 'n kombinasie van 'n nasaal plus 'n suigklank) nie onnodige verwarring in die hand werk by die interpretasie daarvan nie. Deur die velêre [ŋ]-simbool telkens vóór 'n bepaalde suigklank, bv. dié in (i) hierbo, te plaas kan die indruk maklik gewek word dat die nasaal eerste geartikuleer word en daarna die suigklank. Sou dit nie dalk makliker interpreteerbaar wees om die tilde-simbool saam met dié van die suigklank te gebruik om 'n gelyktydige (genasaleerde) artikulasie aan te dui nie? Dié vorme sou dan as volg weer-gegee kon word:

nc [̃], nq [̃], nx [̃].

Verder is dit so, dat dit nodig is om binne die heersende sisteem in 'n fonetiese transkripsie 'n k in te voeg, wat as sodanig nie geartikuleer word nie, maar slegs dien om 'n stemlose geprenasaleerde kombinasie aan te dui. Indien 'n genasaleerde vorm dan met 'n tilde aangedui sou word, dan sou die geprenasaleerde representasies vereenvoudig kon word na die volgende vorme:

nkc [ŋ/], nkq [ŋ!], nkx [ŋ//] i.p.v. bv. [ŋk'] ens.

Die stemhebbende geprenasaleerde kombinasies sou behou kon word as

ngc [ŋ/g], ngq [ŋ!g], ngx [ŋ//g].

Só 'n representasie sou waarskynlik foneties meer realisties as die heersende representasies wees.

4.3 Die segment [R]

Dit word gestel (p.109) dat die gebryde r as 'n streeksvorm van Suid-Sotho voorkom. Hierdie waarneming sou ondersteun kon word met die verdere kwalifikasie dat dit lyk of dié verskynsel ook sterk persoonsgebonde is. Veldwerkprojekte in verskeie dele van Lesotho en Qwa-Qwa het getoon dat veral die ouer mense geneig is om te "bry", terwyl dit in 'n mindere mate die geval is met jonger sprekers. Dit is veral opvallend dat baie van dié ou mense, veral diegene in die Morija-distrik, op die een of ander stadium kontak met 'n sendingstasie of met Franse sendelinge gehad het. Dit sou waarskynlik dan nie té vergesog wees om die gebruik van [R] in Suid-Sotho terug te voer na sulke Franse kontak nie.

4.4 Algemeen

Die beskrywing van die artikulasie van konsonantsegmente, soos vervat in hoofstukke 7 tot 9, is oor die algemeen besonder deeglik en volledig. Alhoewel daar meningsverskille mag bestaan oor hoe algemeen sekere verskynsels is (bv. [t^s] i.p.v. [t] in Engels, p.101) en hoe korrek sekere impressionistiese waarnemings werklik is (vgl. bv. die tong- en lipposisies by labiale, p.123), sou hierdie afdeling waarskynlik beskou kon word as van die mees geslaagde dele van PF. 'n Meer sistematiese benadering, egter, tot die aanbieding van fonetiese transkripsies van die voorbeelde sou die waarde van dié gedeelte kon verhoog. In die meeste van die gevalle waar 'n bepaalde tipe klank gedemonstreer word (vgl. pp. 100, 105, 108, 113, 117 ens.), word slegs die fonetiese simbool van die klank aangebied, terwyl die taalspesifieke voorbeeld in die normale ortografie verskyn. Vir die persoon wat egter nie bekend is met onder meer die ortografie van die vreemde tale nie, is hierdie voorbeelde dikwels niksseggend en kan dit selfs verwarrend wees. Vergelyk die volgende voorbeeld: Op p.131 word [ŋ] beskryf as 'n nasale resonant en die volgende voorbeelde word o.a. aangebied. Afrikaans 'sing', Engels 'long', Zulu en Xhosa 'ingalo' (arm) en Sotho 'ngaka' (dokter). As sodanig is daar geen probleem met die bekende Afrikaanse en Engelse vorme nie; die probleem ontstaan egter as die oningewyde nie weet dat ortografiese "ng" in Xhosa/Zulu as [ŋg] maar in Sotho net as [ŋ] gerealiseer word nie. Met die bekende Afrikaanse en Engelse uitspraakvorme en ortografiese simbole in sy agterkop sou die student baie maklik [ɪŋgalɔ] verkeerdelik as [iŋgalɔ] of [ŋak'a] as [ŋgak'a] kon uitspreek.

'n Samevattende tabel waarin alle behandelde fonetiese simbole voorkom, en wat tegelyk ook die ooreenkomstige ortografiese simbole in die voorbeeldtale bevat, sal van groot waarde wees in 'n werk soos PF.

5. Bowesegmentele klankkenmerke

In die laaste hoofstuk van PF (Hoofstuk 10) gee die skrywer 'n redelik oorsigtelike uiteensetting van toon, klem en lengte as suprasegmentele verskynsels wat in spraak voorkom. Sonder om op te veel teoretiese-tegniese aspekte in te gaan, helder die skrywer die verskille tussen dié verskynsels en die funksionering daarvan in spraak, baie duidelik op.

In die beskrywing van die toonverskynsel (pp. 166-174), word 'n baie belangrike punt m.b.t. die persepsie van vokaalkwaliteit en vokaaltoon op 'n terloopse manier aangesny. Dit word gestel dat "Wanneer twee vokale soos [i] en [e] bv. met dieselfde grondtoon geartikuleer word, sal die *stem* ewe hoog klink, maar die *vokaalkwaliteit* van [i] sal hoër klink as dié van [e] omdat die tipiese kwaliteit van [i] met hoër deeltone saamhang as dié van [e]. (...). Verskille in vertikale tongstand kan in sulke gevalle bv. vir toonverskille aangesien word, en andersom" (p.166; kursivering E.B.v.W.). Vanuit 'n impressionistiese beskrywingsoogpunt is hierdie stelling van groot belang: dit bly nl. 'n ope vraag of dit werklik moontlik is dat ondersoekers, op impressionistiese grondslag, vokaalkwaliteite met soveel presiesheid kan identifiseer as wat beweer word. As voorbeeld kan 'n taal soos Suid-Sotho hier genoem word: alhoewel dit soms beweer word dat elf verskillende vokaalkwaliteite geïdentifiseer kan word, is dit baie duidelik dat geeneen van dié beskrywings konsonantale konteks en potensiële toonhoogtes in berekening bring nie (vgl. Roux 1979b : 6-7 vir meer besonderhede). Dit kan gevolglik baie maklik gebeur dat, a.g.v. perseptiewe verwarrings, toonverskynsels as kwaliteitsverskynsels geïdentifiseer word. Hierdie punt bevestig weer eens die behoefte aan objektiewe (eksperimentele) verifikasie van impressionistiese materiaal.

In die beskrywing van die lengteverskynsel word dit gestel dat daar minstens twee lengtegrade, nl. lank en kort, onderskei moet word in tale waar dit funksioneel is (vgl. p.179). Dit word verder gestel dat "As dit nodig gevind word om fyner onderskeide te maak, kan ook gepraat word van *halwe lengte* [.] en *ekstra lengte* [::] (p.179; kursivering E.B.v.W.). Noord-Sotho word dan spesifiek uitgelig as 'n taal waar vier lengtegrade onderskei kan word, en dan word beweer "In die meeste ander Bantoetale kan met drie grade volstaan word" (p.180). Spesifieke vrae duik op n.a.v. hierdie stellings. Ten eerste kan gevra word waarom Noord-Sotho uitgesonder word: Wat is die posisie met die ander Sothotale? Hoe verskil die "ander Bantoetale"? Stellings soos hierdie is waarskynlik te vaag om werklik beskrywend te wees. As verdere voorbeeld van die vae aard van die stelling kan daar na die voorbeeld self gekyk word (p. 179-180). Die aanwesigheid van vier lengtegrade nl. "kort, half lank, lank en ekstra lank ..." (p.179) (- dit is [] [.] [:] [::] -) moet geïllustreer word. Die voorbeelde is die volgende: ke motho, yena [k'ɛ mo.tho] jɛ:na] "hy is 'n mens", ke motho [k'ɛ mo:tho] "dit is 'n mens", ke bana [k'ɛ βa:na] "dit is kinders" - "ekstra lengte" wat op p.179 eksplisiet as [::] aangedui word, word waarskynlik ook deur [::] uitgedruk.

Die voorbeelde [k'ɛ mo:tho] en [k'ɛ βa:na] illustreer voorts 'n ander verskynsel wat skynbaar misgekyk is deur die skrywer in sy beskrywing van segmentele beïnvloeding van bowesegmentele eienskappe (pp. 180-181). Die verskynsel dat [a:] waargeneem word as langer as [o:] is natuurlik toe te skryf aan die feit dat die artikulasieduur van vokale oor die algemeen langer is voor stemhebbende konsonante - [n] in dié geval - as voor stemlose konsonante - dus voor [th] (vgl. Ladefoged 1975 : 223; Borden & Harris 1980 : 130).

Ten slotte kan daar gewys word op 'n onduidelike voorbeeld m.b.t. die sg. funksies van lengte (p.180). Op p.179 word aangetoon hoe lengte 'n woordonderskeidende funksie in Afrikaans het, vgl. [pers] teenoor [pɛ:rs]. Dan word geargumenteer dat lengteverskille in Engels, Duits en Nederlands eerder as segmentele verskille vertolk moet word, en vervolgens word dit gestel dat "In Nama kontrasteer lengte wel outonoom, bv. in am [ʔam] "braai" en má [ma:] "gee", khom [k^xhom] "praat" en khōb [k^xho:p] "vel"" (p.180). Die vraag hier is net: Hoe "kontrasteer" lengte in hierdie voorbeelde? Is daar ander opposisiepare bv. [ʔa:m], [ma], [k^xho:m] of [k^xhop] in dié taal? Die verskille in die aangebode voorbeelde is almal segmenteel en lê nie op die bowesegmentele vlak nie.

6. Tegniese versorging

PF het in 1977 in sagtebandformaat verskyn en maak as sodanig 'n goeie indruk. Die omslag is keurig en die drukwerk baie netjies. Alhoewel die teks self redelik fyn onderverdeel is, maak dit nie naslaanwerk moeilik nie aangesien die numering deurgaans korrek is en die werk ook 'n uitgebreide sake-register bevat. In PF kom kleiner onsorgvuldighede van die volgende tipes voor:

- p. 8, paragraaf 1 : "... word die linguistiese fonetiek soms teenoor die ander twee vorme ...", moet waarskynlik lui: "... word die praktiese fonetiek ..."
- p.113, paragraaf 2 : "... [tɪ en] ..." moet wees: "... [tɪ] en ..."
- p.141, paragraaf 1 : "... bofjwa ..." moet wees "... bofsjwa ..."
- p.180, eerste reël : [k'ɛ ...] moet wees: [k'e ...]
- p.180, voorlaaste reël: "... teen 'n hoër toonhoogte ..." moet wees: "... teen 'n hoë toonhoogte ..."

7. Samevatting

Ten einde hierdie bespreking van PF saam te vat, word hieronder ingegaan op

- (i) positiewe en negatiewe aspekte van PF in die besonder, en
- (ii) die bereikbaarheid van prakties-fonetiese doelstellings in die algemeen.

7.1 PF : positiewe en negatiewe aspekte

Met die verskyning van PF in 1977 is 'n leemte in die Afrikaanse literatuur oor die algemeen-praktiese klankleer ten dele gevul. PF kan nl. gesien word as 'n eerste poging om 'n Afrikaanse handboek in die algemeen-praktiese fonetiek daar te stel wat vergelykbaar sou kon wees met bestaande werke in o.a. Engels. Hoewel dié werk nie 'n taalspesifieke beskrywing verteenwoordig nie, bring dit nogtans 'n groot hoeveelheid stof oor Afrikaans en sekere Bantoetale byeen en verwesenlik dit daarmee 'n strewe van die skrywer soos uiteengesit in die Voorwoord. 'n Verdere positiewe punt is dat PF 'n logies-beredeneerde en fyn gedetailleerde sisteem daarstel in terme waarvan klank-segmente op prakties-fonetiese vlak beskryf kan word. In 'n sekere sin is dié sisteem egter nie nuut nie en is dit 'n bevestiging van 'n bekende sisteem, soos dit tereg ook in die Voorwoord gestel word. 'n Belangrike punt hier is dat die sisteem waarskynlik meer bruikbaar is vir die beskrywing van konsonantale artikulasies as vir vokaalartikulasies (vgl. weer 3.1).

Die grootste enkele gebrek van PF is waarskynlik geleë in die sterk "persoonlike" benadering wat die skrywer openbaar in die aanbieding van die klankmateriaal. Uit die Voorwoord is dit duidelik dat die basis van die fonetiese beskrywings 'n suiwer impressionistiese een is. Hiermee word die persoonlike impressionistiese benadering tot klankbeskrywing as sodanig nie gering geskat nie. Die punt is slegs dat dié resulterende individuele beskrywings ongetwyfeld meer gewig sal dra en meer geloofwaardig sal wees indien dit duidelik was dat dit deur die "... resultate en die insigte van die outonome fonetiek ..." (p.8) gesteun word. Ongelukkig kom dit voor of van die beskrywings in PF net eenvoudig nie klop met outonoom-fonetiese bevindings nie (vgl. o.a. 3.3.3, 3.3.4, 3.3.5, 3.3.6), en dat daar aanduidings is dat outonoom-fonetiese bevindings nie in ag geneem is in spesifieke beskrywings nie (vgl. o.a. 3.3.3, 3.3.6). As gevolg van die feit dat die skrywer die werk nie as 'n monografie beskou nie en gevolglik ook nie 'n bibliografie aanbied nie, is dit baie moeilik om selfs 'n aanduiding te kry of kontemporêre outonoom-fonetiese beskrywings wel gebruik is as agtergrond vir PF. Die skrywer bied wel 'n lys van "aanbevole literatuur" (p.193) aan wat bedoel is om aan studente "aanvullende" en "vollediger" leesstof te bied. Daar moet egter gewys word dat, met die uitsondering van die publikasies van O'Connor en Ladefoged, die ander werke tussen tien en veertig jaar oud is. In die lig van die fenomenale groei van die outonome fonetiek in veral die afgelope dekade - vgl. o.a. Lass 1976, en die talle "nuwe" insigte wat na vore gekom het in o.a. artikels in vak-kundige tydskrifte soos *Phonetica*, *Journal of Phonetics*, *Journal of the Acoustic Society of America*, *Journal of Speech and Hearing Research* ens. is dit werklik te betwyfel of die aanbevole werke "meer volledige" leesstof sou kan voorsien. Indien die outonome fonetiek dan wêl beskou word as "... die inligtingsbron, die verwysingspunt, die vertrekpunt van alle vorme van die fonetiek ..." (p.7), is dit immers redelik om te verwag dat die bevindings daarvan ook gereflekteer moet word in die beskrywings van PF.

'n Uitvloeisel van die besondere benadering van die skrywer is dat bepaalde standpunte van ander fonetici bevraagteken word, waarna 'n ander (persoonlike) standpunt in die vorm van 'n teenstelling of aanvulling gestel word sonder dat die basis vir dié standpunt verstrekkend word. Vergelyk as 'n voorbeeld die volgende tipe stellings wat gemaak word oor 'n bepaalde verskynsel: "Die segment [ɸ] van Afrikaans, word deur baie fonetici beskou as *In werklikheid is dit egter ...*" (p.80; my kursivering - J.C.R.); "Die [ɸ] van Afrikaans word ook deur sommige fonetici as 'n glottale frikatief beskou. (...). *By nadere ondersoek blyk dit egter dat dit*" (p.90; my kursivering - J.C.R.). Die belangrike punt hier is dat die basis van die "nadere ondersoek", waaruit moet blyk dat die klank "in werklikheid" iets anders is, nie eksplisiet gestel word nie. Gaan dit hier om 'n outonoom-fonetiese ondersoek wat tot dié nuwe insigte gelei het of is dit maar net nóg 'n impressionistiese oordeel wat aangebied word? Hierdie onduidelikheid dra helaas nie by tot helder, ondubbelsinnige en geloofwaardige fonetiese beskrywings nie.

7.2 Die bereikbaarheid van prakties-fonetiese doelstellings

In voorbeeld (2, v) (1.2.2) is daar geargumenteer dat 'n algemene prakties-fonetiese beskrywing, 'n beskrywing gee van

- (i) die artikulatoriese beginsels waarvolgens enige klank
 - a) uitgespreek (d.w.s. geproduseer) kan word, en
 - b) beskrywe kan word;
- (ii) die perseptiewe eienskappe waaraan verskillende klanktipes
 - a) herken (d.w.s. geïdentifiseer) kan word.

Die doel van 'n algemene prakties-fonetiese beskrywing is waarskynlik om van hulp te wees met "... die bemeestering van praktiese vaardighede, t.w. die vermoë om 'n groot verskeidenheid klanke en klanknuanses te kan identifiseer, produseer en beskrywe" (p.8). Die verskillende vaardighede word dus beklemtoon, nl. vaardighede in

- (i) die *identifikasie* van klanke en klanknuanses, d.w.s. 'n vermoë om bepaalde klanke "korrek" te hoor en te eien;
- (ii) die *produksie* van klanke en klanknuanses, d.w.s. 'n vermoë om bepaalde klanke "korrek" te artikeleer;
- (iii) die *beskrywing* van klanke en klanknuanses, d.w.s. 'n vermoë om bepaalde klanke "korrek" te beskryf.

Alhoewel dit aanvaar word dat PF nie "... bedoel is om 'n volledige, afgeronde kursus ..." (Voorwoord) te wees nie en dat dit "... by verskillende (praktiese : J.C.R.) kursusse met verskillende oogmerke aangepas kan word" (Voorwoord), kan die vraag tog gevra word of die aard en aanbieding van die stof sodanig is dat dit aan die doelstellings van prakties-fonetiese beskrywings voldoen insover dit die bemeestering van praktiese vaardighede tot gevolg kan hê. Die antwoord op dié vraag sal waarskynlik deurgaans 'ja' en 'nee' kan wees.

Net so moeilik as wat dit is om perseptiewe eienskappe van klanke en klanknuanses verbaal uit te druk, is dit om 'n oordeel oor die gehalte van dié tipe beskrywings uit te spreek. Dit word gestel dat praktiese fonetië hoofsaaklik artikulatories georiënteer is "... juis omdat dit toegespits is op die vermoë om klanke te kan identifiseer en te kan uitspreek" (p.8), en dat die "... beskrywende raamwerk waarvan dit uitgaan, is vrywel heeltemal artikulatories georiënteer, maar waar fonetiese verskynsels nie op hierdie grondslag beskrywe kan word nie, *word daar rustig van perseptiewe maatstawwe gebruik gemaak*" (p.8; my kursivering - J.C.R.). Die probleem is egter hier dat, op grond van die besondere aard van die verskynsel wat beskryf word en op grond van die vereenvoudigde aard van 'n prakties-fonetiese beskrywing - dit gee nl. 'n "vereenvoudigde beeld" van 'n outonoom-fonetiese beskrywing - vgl. p.8 -, perseptiewe beskrywings byna altyd die vorm aanneem van stellings soos "X klink soos ...", "Y verkry 'n bepaalde soort "donker" kwaliteit" (p.65) of "Z klink grof ..." (p.78). Dit is werklik moeilik om te dink dat oningewydes byvoorbeeld sal weet hoe 'n flapklank klink as dit vir hulle moet klink "gedeeltelik soos 'n [l]. (omdat die luggeweging onderbreek word), en gedeeltelik soos [d] (omdat dit oor die artikulasiepunt van [d] beweeg)" (p. 111-112). Hierdie punt van kritiek kan uit die aard van die saak nie net teen PF gerig word nie, maar in beginsel teen alle werke waarin daar gepoog word om te "sê" hoe 'n klank "klink" sonder dat die "klank" as sodanig waarneembaar is.

Die vraag of die aard en omvang van die artikulatoriese beskrywings in PF sodanig is dat dit "korrekte" uitsprake (artikulasies) tot gevolg kan hê en so aan prakties-fonetiese eise kan voldoen, kan waarskynlik ook met 'n "ja" en 'n "nee" beantwoord word. Afgesien van die enkele gevalle waarvoor daar skynbaar min of geen outonome verifikasie bestaan nie en wat in meer besonderhede bespreek is, is die gehalte van die beskrywings goed en is dit baie volledig. Vanuit 'n praktiese vaardigheidsoogpunt is die aanbieding van fyn artikulatoriese detail waarskynlik oorbodig: kan detail oor, byvoorbeeld, die hoogte en die velum, oor die stand van die wande van die farinks of oor die spesifieke posisie van die stempheet enige bydrae lewer tot die "korrekte" uitspraak van 'n klank? Ter ondersteuning van hierdie

punt kan aangevoer word dat talle spiere nie so willekeurig gemanipuleer kan word as wat geïmpliseer word deur 'n artikulatoriese beskrywing nie. Vergelyk ook Greene (1972 : 74) in hierdie verband: "The muscles of the throat, the root of the tongue and the larynx cannot be deliberately and directly controlled, but by listening to good patterns of voice and endeavouring to imitate them the desired results are eventually achieved, chiefly by means of the individual's auditory control or 'feed-back'." Dit bly gevolglik 'n ope vraag of so 'n "volledige" beskrywing, d.i. 'n beskrywing in terme van fyn artikulatoriese detail, wel tui shoort op prakties-fonetiese vlak, veral as die metodes van die praktiese fonetiek nie sodanig is dat dit sulke observasies moontlik maak nie.

Deur van die tradisionele artikulatoriese beskrywingsraamwerk uit te gaan en klanksegmente te beskryf in terme van twee hoofparameters, nl. "plek van artikulasie" en "wyse van artikulasie", het die skrywer van PF 'n taksonomiese doelwit van praktiese fonetiekbeoefening bereik insover hierdie vorm van fonetiekbeoefening in terme waarvan alle moontlike klanktipes geïdentifiseer en ge-etiket kan word. Die aanwesigheid van bylae A (p.184) en B (p.188) wat as "sleutels" dien vir 'n fonetiese ontleding en beskrywing van klanke volgens dié sisteem, is waarskynlik bedoel om mee te help tot die ontwikkeling van "praktiese vaardighede" in die hantering van die sisteem. As sodanig is die sisteem redelik beperk tot 'n vaste aantal kategorieë en 'n verandering in of toevoeging tot die sisteem sou uiteraard besonder goed gemotiveer moet wees. Die beoogde toevoeging van 'n "... kenmerk 'substituutronding' - wat tot dusver nog nie erken was nie ..." (Voorwoord) - tot die gegewe sisteem deur die skrywer, is waarskynlik minder geslaagd omdat objektiewe verifikasie daarvoor ontbreek.

Anderson (1976 : 17, 18) toon aan dat beskrywings in terme van, byvoorbeeld, so 'n sisteem in 'n sekere sin 'n abstraksie is en nie noodwendig 'n beskrywing van die fisiese eienskappe van die klank is nie: "More concretely, such systems isolate some particular portion of the speech organs, and characterize what goes on there as the fundamental activity involved in the production of the sound. Objectively, any sound involves *some* sort of activity in all the organs of speech, and so such systems involve the selection of some region(s) as "relevant" at the expense of the rest. This constitutes a considerable idealization: often in spite of themselves, such systems constitute structured theories of sound types, rather than simply neutral descriptions" (Anderson 1976 : 17, 18; kursivering S.R.A.). Dit is daarom noodsaaklik dat prakties-fonetiese beskrywings aanvaar sal word vir wat dit is, nl. geïdealiseerde beskrywings in terme van 'n bepaalde sisteem wat in beginsel verifieerbaar is, maar wat nie noodwendig in die praktyk wêl geverifieerd is nie. Die beskrywings in PF sou ook in terme van hierdie siening getipeer kan word. Dit is verder daarom ook noodsaaklik dat, waar linguisties-fonetiese beskrywings gebaseer word op praktiese-fonetiese data ('n algemene verskynsel), dié stof met groot omsigtigheid hanteer moet word totdat daar outonoom-fonetiese verifikasie vir die betrokke data aangebied kan word.

Dit bly 'n ope vraag of PF en soortgelyke werke in ander tale as inleidende handboeke in die algemene praktiese fonetiek in terme van die formaat daarvan en die vorm van die beskrywings wat daarin gegee word werklik 'n bydrae kan lewer tot die bemeestering van praktiese vaardighede in veral die identifikasie en produksie van verskillende klanke. Dit kom voor of die aard van die stof wat in prakties-fonetiese beskrywings in die algemeen voorkom, sodanig is dat dit eerder 'n bydrae lewer tot die bereiking van die doelstelling om 'n taksonomiese raamwerk vir beskrywing - in feite, vir klassifikasie en etikettering - daar te stel.

Tot slot van hierdie bespreking word daar vervolgens "'n klip in die bos gegooi" oor 'n moontlike formaat wat prakties-fonetiese beskrywings sou kon aanneem om beter te voldoen aan die prakties-fonetiese eise in verband met die waarneming en produksie van spraakklanke. Dit word gedoen in aansluiting by die skrywer se eie taalgebruikermotoris-analogie: "Die taalgebruiker se instelling teenoor spraakklank is soos die motoris s'n teenoor petrol. Solank petrol die motor maar in staat stel om te beweeg, is die motoris tevrede; wat die chemiese samestelling daarvan is, watter nuwe produkte dit het, waarom een soort petrol beter as 'n ander is, kan hom alles nie skeel nie" (p.10). In die lig van die doelstellings van die praktiese fonetiek ten opsigte van die bemeestering van praktiese vaardighede insover dit gerig is op "... die voordragkuns, op die sangkuns, op die remediëring van spraakafwykings, op die aanleer van vreemde tale ens." (p.7), sou die analogie waarskynlik verder deurgetrek kan word. Solank as wat die voordragkunstenaar, die sanger, die spraakgestremde, die taalstudent, ens. bepaalde klanke en klanknuanses:

- (i) kan identifiseer [m.a.w. dat hy kan "weet" watter klanke dit is en dat hy, indien nodig, bv. ook dié klanke grafies sou kon weergee] en
- (ii) kan produseer [sodat dit vir 'n moedertaalspreker in alle opsigte aanvaarbaar is],

kan 'n beskrywing van die impressionisties-veronderstelde artikulatoriese opbou en ander neweverskynsels in die artikulasie van dié klanke hom weinig skeel! Alhoewel die motoris waarskynlik nie belangstel in die spesifieke eienskappe van petrol nie, sal hy wel moet weet "hoe" en "waar" om die petrol te bekom ten einde die motor in staat te stel om te beweeg. Alhoewel die voordragkunstenaar, die sanger, die spraakgestremde, die taalstudent, ens. waarskynlik nie belangstel in die spesifieke eienskappe van klanke nie, sal 'n kennis van die tegnieke waarvolgens klanke "korrek" waargeneem en geproduseer word, onontbeerlik wees vir die eventuele ontwikkeling van praktiese vaardighede. Ten einde aan hierdie praktiese vaardigheidsbehoefte te voldoen, word dit ter ooreweging voorgestel dat 'n algemene prakties-fonetiese beskrywing uit minstens die volgende twee komponente sal bestaan.

1. 'n Klanklike komponent: aangebied in die vorm van bv. 'n magnetiese band wat voorbeelde van alle klanke en klanknuanses bevat wat beskryf kan word.
2. 'n Beskrywende komponent: gebaseer op die voorbeelde op die magnetiese band en wat die vorm aanneem van 'n reeks/stel instruksies van hoe om bepaalde klanke en klanknuanses "korrek" waar te neem en uit te spreek.

Die instruksies vir die waarneming van bepaalde klanke sou aangebied kon word op dieselfde basis as die afdeling in PF wat handel oor "Waarneming met fonetiese gehoor" (p. 12-13). Uiteraard sal die tegnieke in meer besonderhede uiteengesit moet word saam met gerigte oefeninge of "sleutels" (vgl. PF pp. 184, 188).

Die instruksies vir die korrekte uitspraak van klanke sou sterk kon steun op die student se beheersing van die klanksisteem van sy moedertaal - wat hy, terloops, verwerf het sonder enige verbale beskrywings van artikulasies - of van ander bekende tale. Verskillende tegnieke vir byvoorbeeld die bemeestering van sistematiese artikulatoriese opbouprosesse wat as sodanig geoefen moet word om 'n bepaalde artikulasie te bereik, kan hier ontwikkel word. M.a.w. dit

gaan hier om die oordrag van tegnieke in terme waarvan klanke korrek uitgespreek kan word eerder as om 'n beskrywing van die artikulatoriese eienskappe van die klanke as sodanig. Alhoewel daar in hierdie benadering waarskynlik ook verwys sal word na artikulatoriese kwaliteite, val die hoofklem nie daarop soos in die geval van bestaande werke nie.

Die betrokke tipe materiaal sal makliker geïntegreer kan word in prakties-fonetiese kursusse met besondere toegepaste oogmerke, as wat dit gedoen kan word met die tipe stof wat in tradisionele handboeke aangebied word. Terselfdertyd sal so 'n handboek meer doelbewus daarop ingestel wees om te voldoen aan minstens twee van die gestelde prakties-fonetiese doelstellings, nl. die bemeestering van praktiese vaardighede op die vlakke van spraakpersepsie en spraakproduksie. *

*Graag bedank ek mev. E. van Huyssteen vir die tik van hierdie stuk, en vir Thereza Botha vir die proeflees daarvan. Alle gebreke in die inhoud is vir my eie rekening.

BIBLIOGRAFIE

- Anderson, S.R.
1976 "On the description of multiply-articulated consonants",
Journal of Phonetics 4(1) : 17-27.
- Bell-Berti, F. et al.
1979 "Coarticulatory effects of vowel quality on velar function",
Phonetica 36 : 187-193.
- Borden, G.J. & K.S. Harris
1980 Speech Science Primer. Baltimore, London : Williams &
Wilkins.
- Catford, J.C.
1977 Fundamental Problems in Phonetics. Edinburgh University
Press.
- Clumeck, H.
1976 "Patterns of soft palate movement in six languages",
Journal of Phonetics 4 : 337-351.
- De Villiers, M.
1965 Afrikaanse Klankleer. Kaapstad : A.A. Balkema.
- Endemann, T.M.H.
1966 Die Junktuurverskynsel as foneem. Pietersburg : Publika-
sie van die Universiteitskollege van die Noorde.
- Ewan, W.G. & R. Krones
1974 "Measuring larynx movement using the thyroumbrometer",
Journal of Phonetics 2 : 327-335.
- Fant, G.
1970 Acoustic Theory of Speech Production. The Hague : Mouton.
- Garnes, S.
1973 "Phonetic evidence supporting a phonological analysis",
Journal of Phonetics 1 : 273-283.
- 1974 "Suprasegmental aspects of Icelandic vowel quality",
Working Papers in Linguistics 17 : 144-159.
- Greene, M.C.L.
1972 The Voice and its Disorders. London : Pitman Medical.
- Hardcastle, W.J.
1974 "Instrumental investigations of lingual activity during
speech : a survey", Phonetica 29 : 129-157.
- Kuenzel, H.J.
1977 "Photoelektrische Untersuchung zur Velumhöhe bei Vokalen :
erste Anwendungen des Velographen", Phonetica 34 : 352-370.

- Ladefoged, P.
1968 A Phonetic Study of West African Languages. Cambridge : University Press.
- 1975 A Course in Phonetics. New York : Harcourt, Brace, Javanovich.
- Ladefoged, P. et al.
1972 "An auditory-motor theory of speech production", Working Papers in Phonetics 22 : 48-75.
- Lass, N.J. (ed.)
1976 Contemporary Issues in Experimental Phonetics. New York : Academic Press.
- Le Roux, T.H. & R. de V. Pienaar
1927 Afrikaanse Fonetiek. Kaapstad : Juta & Kie.
- Lieberman, P.
1976 "Phonetic features and physiology: a reappraisal", Journal of Phonetics 4 : 91-112.
- Lindau, M.
1974 "The feature Advanced Tongue Root", in Voeltz (ed.) 1974 : 127-134.
- 1978 "Vowel Features", Language 54(3) : 541-563.
- Lindau, M. et al.
1972 "The feature Advanced Tongue Root", Working Papers in Phonetics 22 : 76-94.
- Lindblom, B.
1972 "Phonetics and the description of language", Proceedings of the 7th International Congress of Phonetic Sciences. The Hague : Mouton.
- Lindblom, B. & J. Sundberg
1971 "Acoustic consequences of lip, tongue, jaw, and larynx movement", Journal of the Acoustical Society of America 50(4) : 1166-1179.
- Malmberg, B.
1963 Phonetics. New York : Dover Publications.
- Neary, T.M.
1978 Phonetic Feature Systems for Vowels. Bloomington : Indiana University Linguistics Club.
- Ohala, J.
1972 "Physical models in Phonology", Proceedings of the 7th International Congress of Phonetic Sciences : 1161-1171. The Hague : Mouton.
- 1974 "Phonetic explanation in Phonology", Papers from the Parasession on Natural Phonology. Chicago Linguistic Society.

- Painter, C.
1973 "Cineradiographic data on the feature 'Covered' in Twi vowel harmony", Phonetica 28 : 97-120.
- Perkell, J.S.
1965 Physiology of Speech Production : Results and Implications of a Quantative Cineradiographic Study. Cambridge, Mass.: M.I.T. Press.
- Pike, K.L.
1967 Phonetics. Ann Arbor: The University of Michigan Press.
- Roux, J.C.
1979a Labialization in Sesotho : The role of phonetic data in phonological analyses. Unpublished D.Litt. dissertation, University of Stellenbosch.
- 1979b 'Eksperimentele tegnieke en die verifikasie van fonetiese data', Taalfasette 26(2) : 1-20.
- Russel, G.O.
1928 The Vowel. Reprint 1970, College Park : McGrath. (See Anderson 1976).
- Smith, T.S.
1971 'A phonetic study of the function of the extrinsic tongue muscles', Working Papers in Phonetics 18 : 1-131.
- Van Wyk, E.B.
1977 Praktiese Fonetiek vir Taalstudente : 'n Inleiding. Durban: Butterworths.
- Voeltz, E. (ed.)
1974 Third Annual Conference on African Linguistics. Bloomington : Indiana University.
- Ward, I.C.
1958 The Phonetics of English. Cambridge : W. Heffer & Sons.
- Westermann, D. & I.C. Ward
1933 Practical Phonetics for Students of African Languages. London : Oxford University Press.
- Westphal, E.O.J.
1971 Vowel Systems and X-Ray Photography (Communications from the School of African Studies 36). University of Cape Town.
- Ziervogel, D. et al.
1967 Handboek vir die Spraakklanke en Klankveranderinge in die Bantoetale van Suid-Afrika. Pretoria : Unisa.